23. Media / Publikasies

23.1 RAPPORT DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE (Artt 110, 115, 206, 207)

PPPPPPP. Dr AJ Krüger lewer Afdeling D van die Rapport – *Kruispad/Bondsjeug*.
QQQQQQQ. Ds JG Noëth lewer die Rapport.
RRRRRRR. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies en Media.
SSSSSSS. Ds AP Kruger rapporteer namens die Kommissie Publikasies en Media.
TTTTTTT. Drr M van Loggerenberg, CN van der Merwe, srs M van Helden, A Breed, J Fourie, br PJ Grobler, dr AJ Krüger en prof JH van Wyk word namens die Sinode deur dr MJ du Plessis bedank.

UUUUUUU. **RAPPORT**

1. Opdrag

1.1 Die Redakteur van *Die Kerkblad* onderneem, in samewerking met die Deputate vir Publikasies, asook die redaksies van ander Kerklike Tydskrifte en in oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro, 'n diepgaande en indringende ondersoek na die formaat van die voortbestaan van al ons Kerklike Tydskrifte. Vir die doel van hierdie ondersoek moet kundige lidmate vanuit die Kommunikasiebedryf betrek word.

1.2 *Die Bondsjeug*: Dr AJ Kruger is as Redakteur vir die *Bondsjeug* benoem.

1.3 *Die Kerkblad* moet rekening hou met *die 150ste bestaansjaar van die GKSA en die 500ste geboortejaar van Calvyn in 2009.*

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.3.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Sedert die vorige Sinode in 2006 het die Kerklike Tydskrifte gereeld verskyn en is 'n hoë standaard gehandhaaf. Waardering is uit verskeie oorde vir die tydskrifte ontvang. 'n Algemene daling van intekenare word egter steeds waargeneem.

	Kerkblad	**Vroueblad**	**Slingervel**
Junie 1998	7 144	6 045	6 075
Junie 2008	4 703	3 436	2 982

2.2 Dr PW Bingle is in 2006 as nuusredakteur vir *Die Kerkblad* aangestel.

2.3 Dr AJ Kruger wat as redakteur van *Bondsjeug* aangestel is, het in samewerking met br Paul Grobler 'n nuwe jeugtydskrif, nl. *Kruispad*, die lig laat sien. Die blad verskyn tans tweemaandeliks. Dit gaan tans uiters goed met die ontwikkeling van hierdie tydskrif. Die Deputate spreek hulle waardering uit vir die ontwikkelinge rakende *Kruispad*.

2.4 *Kruispad* en Deputate Jeugsorg werk baie nou met mekaar saam (saam fondse bekom, deel personeel en 'n kantoor) en omdat hulle mekaar aanvul in die bereiking van dieselfde teikengroep, sal dit beter wees dat *Kruispad* in die toekoms onder die Jeugdeputate sorteer.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.4.

2.5 Prof Amie van Wyk het die verslag wat in opdrag van Sinode 2006 insake die toekomstige formaat van die Kerklike Tydskrifte uitgevoer.

1. Opdrag

*"Die nuwe aangewese redakteur [*van 'Die Kerkblad'] *doen, in samewerking met die Deputate Publikasies asook die redaksies van die ander kerlike tydskrifte, in oorleg met die bestuur van die Admin Buro, 'n diepgaande en indringende ondersoek na die formaat van die voortbestaan van al ons kerklike tydskrifte. Vir die doel van hierdie ondersoek moet kundige lidmate vanuit die kommunikasiebedryf betrek word" (Acta GKSA* 2006:751).

2. Uitvoering van die opdrag

2.1 Aanwysing van 'n ondersoekkommissie

Tydens 'n vergadering van die Deputate Kerklike Tydskrifte van Mei 2006, bevestig op Maart 2007, is 'n kommissie van ondersoek aangewys bestaande uit die redakteur van Die Kerkblad (DK)(s), ds Nico Ligthelm, dr Marina van Loggerenberg en br Giel Erasmus om 'n diepte-ondersoek te loods na die inhoud en formaat van die tydskrifte (vgl. Notule 19-03-2007, 4.2)

2.2 Uitstuur van vraelys

Die sameroeper het na oorleg met die kommissie 'n vraelys opgestel en aan 'n aantal kundige en/of ervare persone vir kommentaar deurgestuur. Van almal is 'n skriftelike reaksie ontvang, behalwe in een geval.

Die persone wat genader is, sluit die volgende in:

Prof Danie du Plessis (prof in kommunikasiekunde Unisa) (mondelingse mededelings)
Prof Calvyn Snyman (afgetrede prof in kommunikasiekunde NWU)
Prof Johannes Froneman (prof in kommunikasiekunde NWU)
Prof Jacques van der Elst (tans Hoof Uitvoerende Beampte van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en voormalige prof in Afrikaans-Nederlands NWU)
Ds Chris Coetsee (emerituspredikant, tans van Stompneusbaai)
Mnr Sarel Venter (afgetrede adjunkredakteur Die Volksblad)
Mnr Herman Torien (onafhanklike joernalis en politieke navorser, Bloemfontein)
Enkele "gewone" lidmate

2.3 Oorlegpleging met redaksies van ander kerklike tydskrifte

Daar is oorleg gepleeg met die ander kerklike tydskrifte in verband met 'n moontlike samesmelting van die tydskrifte tot een gesinstydskrif.

2.4 Finansiële aspekte

Br Giel Erasmus is versoek om alle finansiële aspekte van die tydskrifte (waaronder samesmelting) te ondersoek en daaroor verslag te doen.

3. Antwoorde op die vraelys

Hieronder word 'n kernagtige weergawe gebied van die antwoorde wat op die vraelys ontvang is. Die vrae het veral op *Die Kerkblad* as oudste kerklike tydskrif gefokus, maar raak ook in 'n mindere of meerdere mate die ander tydskrifte. Die opmerkings van die respondente word direk aangehaal.

3.1 *Hoe oordeel u oor "Die Kerkblad" as kerklike tydskrif in die algemeen?*

"My oordeel oor DK in sy huidige formaat is positief. Dit is opbouend en informatief en 'lerend' wat lidmate betref. Wat my betref, gaan DK van krag tot krag."

"DK beklee 'n besondere plek onder kerklike tydskrifte weens toespitsing op 'pitkos' en prinsipiële besinning en leiding oor kerklike, geloofs- en sake van die dag."

"Ek meen dat DK as kerklike tydskrif sy plek volstaan in die Afrikaanse kerklike en maatskaplike samelewing. DK se gesaghebbende stem word soms wyer as net in die Gereformeerde Kerke gehoor."

"In die algemeen is DK 'n netjiese, goed versorgde, prinsipieel goed verantwoorde kerklike tydskrif wat Christelike leiding gee en koers aandui, en wat 'n verskeidenheid algemene kerklike inligting en nuus verskaf."

"Goeie blad met goeie artikels."

"Die inhoud is plek-plek baie interessant, maar ek kry die gevoel die GKSA is net met leerstellige en etiese kwessies besig."

3.2 *Wat beskou u as die sterk punte van DK?*

"Sy Gereformeerde grondslag."

"Die sterk punte hou veral verband met die aktualiteit van temas. Dit is baie belangrik dat die redakteur die aktualiteit van gebeurtenisse van elke dag deur middel van DK bespreek en aanroer."

"Die gees en rigting in die tradisie van die Reformasie wat in DK weerspieël word in die hoof- en redaksionele artikels, die beligting van sake van verskillende kante in tema-artikels, die Skrifgetroue getuienis oor aktuele sake, die redakteur se gesprekke met lidmate van die GKSA en selfs met lidmate van die susterkerke. Dit is prysenswaardig dat vroue al hoe meer die geleentheid kry om artikels in DK te publiseer en daardeur hul gelykwaardigheid as lidmate en kinders van God te erken."

"Vir my is 'n uitstaande kenmerk en 'n sterk punt wat DK se lesenswaardigheid verhoog het, die onderhoude met bekende mense. Die tematiese hantering van sake is ook 'n groot pluspunt en het al baie interessante en leersame bydraes opgelewer."

"Stewige inhoud. Ek hou veral van die onderhoud met selfs nie-Doppers."

"Artikels is baie volledig en goed nagevors."

3.3 *Wat beskou u as die swak punte van DK?*
"Nie 'n ernstige swak punt nie. Sommige bydraes is (egter) nie altyd so lesersvriendelik nie. Teoloë wat vir DK skryf, moet onthou dat hulle nie altyd net vir predikante en ander teoloë skryf nie, maar ook vir gewone lidmate. Laat daardie 'hoë' leesstof en morele lesse maar omring wees deur ligter of meer gewilde leesstof vir die gewone mense."
"Sommige bydraes is vir die deursneeleser moontlik te teologies vakkundig, moeilik om te lees en te verstaan. Sommige foto's is te klein …"
"Slaag nie daarin om uit sy 'Dopper-image' te breek nie – daar is 'n groot leserskring daarbuite wat bereik moet word. Baie ldimate kla dat die artikels te ingewikkeld is."
"Somtyds kan die artikels bo die gewone lidmaat se verstaansvermoë wees."
"Die kennisname van gebeure in swart gemeentes kan meer aandag kry. Ons swart dominees moet aan die woord kom. DK kan 'n voorbeeld stel deur nog meer kerklik interkultureel te wees. Dis die manier waarop mense van verskillende kulture eensgesind in die geloof mekaar kan leer ken."
"Die gebrek aan nuus."

3.4 *Slaag DK daarin om gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en koninkryk van God?*
"As die vraag verstaan moet word of die redaksie **slaag** om toerusting te verskaf: ja, seker. Van die oordenking af tot by die laaste artikel en brief. DK bied toerusting deurlopend van maand tot maand, en die lesers lees selektief, soekende na leiding, na geloofsversterking, na gemoedsvrede, na vertroosting, na sekerheid, en God se sorg."
"Ja, hoewel daarteen gewaak moet word dat interne getwis die aandag trek i.p.v. die kerk se taak en roeping in die koninkryk. 'n Moontlikheid is dat in elke uitgawe aandag aan die evangeliserende taak gegee word d.m.v. 'n rubriek met nuus/gevallestudies, prinsipiële besinning."
"Oor die kwaliteit van die bydraes is geen twyfel nie – trouens, dit is soms van verbluffende hoë kwaliteit en verdien beslis nie om in 'n beperk-geleesde tydskrif 'vasgevang' te word nie; dit is in geheel 'n tydskrif wat met vreug en vertroue aan mense van ander kerkverbande uitgeleen kan word."
"Ek weet van 'n geval waar 'n teologiese professor van 'n susterskerk in sy klas vertel het van 'n gesin in die GKSA (wat lesers van DK is) wat volgens hom besonder goed ingelig was oor en toegerus vir hulle dienswerk in kerk en koninkryk. Hy het eintlik jaloers gevoel! Dit beantwoord seker bogenoemde vraag."

3.5 *Verskaf DK billike ruimte vir openhartige debat oor kerklike en teologiese sake?*
"Ja, ek dink so – die redakteur verskaf ruimte vir debat. Dis origens duidelik dat hy versigtig en selektief te werk gaan en 'n goeie oordeel het oor wat opgeneem behoort te word en wat nie. Ek glo dat hy die maatstaf aanlê van 'opbouendheid' en nie afbrekend nie. In terme van opbouendheid sou 'n mens kon hoop dat meer kerklidmate deelneem aan die skriftelike debatte."
"Ja, beslis."
"Beslis."
(Op hierdie vraag het geen van die respondente negatief gereageer nie.)

3.6 *Is die nuusdekking wat DK verskaf wyd genoeg? (Dit sluit in nuus van die GKSA asook ander plaaslike en internasionale kerkgemeenskappe.)*
"As dit daarom gaan dat Gereformeerdes daarteen moet waak om te eng te ken en te dink, kan die nuusdekking gerus wyer wees. 'n Mens behoort kerklik nie te klein van God se kerk en koninkryk te dink nie. God hou sy hele skepping in stand en Hy is wêreldwyd hoof van sy kerk."
"Daar is wat my betref **nog nie genoeg** nuusdekking in DK nie. Nuus oor die wel en wee van kerke en lidmate bevorder samehorigheid. Verslae van gesprekke met mense wat 'n belangrike rol in kerk en samelewing vervul, is eweneens belangrik. Ek verwelkom die betrokke rubriek. Ook die internasionale nuus op kerklike front kan dalk waar moontlik meer aandag kry."
"Daar is altyd ruimte vir beter nuusdekking. Lesers sal baie graag meer oor medegelowiges se wel en wee, stryd en prestasies, wil lees."
"Kan meer inligting gee oor ander kerke [= kerkgemeenskappe] en hulle standpunte."
"Ja."
"Nee."

3.7 *Lewer DK voldoende getuienis oor openbare morele kwessies en teen dit wat die koninkryk van God skade berokken?*
"Ek dink so. Voorbeelde hiervan is daar velerlei veral wat betref die pragtige tema-uitgawes (bv. Augustus 2007)."

"Dit ly geen twyfel nie dat DK onder sy huidige redakteur werklik en seker meer as voorheen sy stem laat hoor oor openbare morele kwessies en teen dit wat die koninkryk van God skade berokken."
"Ja, maar is dit werklik toeganklik, dus leesbaar genoeg vir 'gewone' lidmate?"
(Geen nee-antwoord is hier ontvang nie.)

3.8 *Hoe oordeel u oor die formaat van DK? Moet dit bv. meer foto's bevat en moet nog meer aandag aan bladuitleg bestee word?*
"Wat voorkoms betref, is die tydskrif presies op balans van kleurvol met smaak wees, sonder om na die 'krismisboom' te neig."
"Dit is nie 'n populêre tydskrif nie en ek dink die teikengroep stel meer belang in die inhoud van artikels as in foto's. Die uitleg is gewoonlik goed genoeg."
"Die huidige formaat is goed hanteerbaar en behoort so te bly. Die bladuitleg vereis nie veel meer aandag nie."
"Meer foto's is nodig. Die bladuitleg kan ook meer aandag kry. Sommige lang bydraes wat oor 'n hele paar bladsye versprei is, skep maar 'n vaal indruk."
"Die bladuitleg is saai. Kry 'n bladuitlegredakteur."

3.9 *Hoe vergelyk DK met ander kerklike tydskrifte?*
Respondente het huiwerig op hierdie vraag gereageer omdat almal nie gereelde lesers van (alle) ander kerklike tydskrifte is nie. Tog is die volgende opmerkings gemaak:
Een respondent het met waardering na die Hervormde Kerk se gesinstydskrif *Konteks* verwys as 'n "pragtige voorbeeld van lewendige bladuitleg en 'n wye verskeidenheid lesenswaardige bydraes".
'n Ander het daarna verwys dat daar in ander kerklike tydskrifte "'n ietwat vryer, oper meningsverwisseling (bestaan); ek weet nie waarom ons so bang is vir 'openbare' gesprek oor kerklike sake nie; gesprek in die regte gesindheid gevoer, sonder kwaadwilligheid, kan tog misverstande en meningsverskille uit die weg ruim – soos oor omdigtings, Bybelvertalings, die wyse waarop die nagmaal gevier word, die vrou in die ampte. NB: Ek kies 'Die Kerkblad'."
"DK sou ook (soos die 'Kerkbode') vinnige opnames kon maak oor sake wat onder lidmate leef."

3.10 *Wat kan gedoen word om die aktualiteit van DK te verhoog?*
"DK is myns insiens meesal bý wat aktualiteit betref."
"Ek dink nie dat DK se aktualiteit verhoog hoef te word nie. As 'n mens die afgelope reeks van DK nagaan, is dit duidelik dat die aktualiteit van Suid-Afrika toereikend aandag kry – inderdaad genoegsaam."
"Oor aktualiteit, vanuit my oogpunt, kan 'Die Kerkblad' werklik sy bors ver uitstoot (vgl. die artikels oor die Armeense geskiedenis deur ds Eric Kayayan). In die geheel beskou, is verskeie aktuele onderwerpe aangespreek, waaroor die ander media maar stil was, of baie selektief met inligting omgegaan het ... Dit sluit onderwerpe soos landbou-omstandighede, misdaad, verwikkelinge in die buiteland, klimaatsverandering en vele meer in. Redaksionele kommentare is gelykstaande aan die beste wat in ander media te lese is."
"Deur dit 'n weekblad te maak (as dit haalbaar is) ... en 'n uitgebreide bemarkings- en reklameveldtog geloods word."
"Die aktualiteit van die blad kan verhoog word deur die lidmate, lesers, mense, in hulle konkrete lewensituasies op hulle lewenspad in die wêrld met die heersende tydsgees raak te sien en hulle binne dié konteks voor te berei en toe te rus vir hulle take en roepingsvervulling deur die tekens van die tye te onderskei."
"Ideaal gesproke: stel 'n joernalis aan."

3.11 *Watter voorstelle sou u aan die redaksie wou voorlê om die funksionaliteit van DK te verhoog?*
Afgesien van bepaalde sake wat reeds in die boegenoemde antwoorde na vore gekom het, is verder ook verwys na:
"Met die kragte en middele tot die redaksie se beskikking kan daar nouliks meer van hulle verwag word. Na my mening behoort daar in die gemeentes met hulle kerkrade kragte aan die gang te kom om lidmate in te trek in 'n lees- en gespreksaksie oor die leef- en taalwêreld met sy dringende eise waarbinne ons geplaas is …"
"My hoofprobleem is egter dat daar so dan en wan 'n uitgawe met 'n hooftema verskyn waar ek self glad nie in die betrokke tema belangstel nie. Die betrokke uitgawe bied dan vir my min leesstof. Dit is nie ernstige kritiek nie – die positiewe oorskadu hierdie heeltemal."

3.12 *Wat behoort gedoen te word om die intekenare van DK te verhoog?"*
Opmerking: "Navorsing bevestig dat mense al minder lees en al meer van elektroniese media gebruik maak." (Die leserstal van *Die Kerkblad* het van 1995 tot 2008 verminder van 7800 tot 4820 (38%), die *Vroueblad* van 6300 tot 3540 (44%) en die *Slingervel* van 6900 tot 3100 (55%).

"Kerkrade kan sorg dat die blad bekendgestel word en lidmate probeer oortuig om in te teken. Daar is kerkrade wat dit doen. In ander gevalle kan kerkrade ook help met die verspreiding deur die blad by 'n gemeente te laat aflewer en aan intekenare beskikbaar te stel … Nog 'n moontlikheid is om die inhoud van die blad by wyksbyeenkomste in diepte te bespreek en so belangstelling te wek. Dit kan die geleentheid bied om 'n aktuele probleem onder die aandag te bring en die leiding wat in 'n artikel(s) gegee word te bespreek en so mense se belangstelling te wek."

"Om toe te gee aan die neiging van lui leesgedrag sou meer illustrasie/fotomateriaal gebruik moet word. Ek is bekommerd oor die jonger geslag – die persone tussen 30-40. Miskien is ek verkeerd in my afleiding dat dié kategorie dalk ontbreek onder DK se lesers. Kom ons teiken die lidmategroep tussen 30 en 40 in kerkverband. Dit kan in kleiner groepe in gemeenteverband geskied. Dit is moontlik dat 'n Kerkblad-gespreksgroep geïnisieer word wat maandeliks na die verskyning van DK vergader. Opskerping/bemarking is nodig. Gemeente-aktiwiteite moet optimaal in DK gepubliseer word."

"Wat van 'n groter verskeidenheid leesstof? Wat van meer blokkiesraaisels? Wat van die uitruil van artikels en nuus met ander kerklike tydskrifte en selfs die dagbladpers?"

"Maak die blad aantrekliker en toegankliker. Oorweeg 'n weeklikse nuusdiens aan gemeentes sodat brokkies uit 'Die Kerkblad' in die weeklikse gemeenteblaaie neerslag vind. Dit kan lidmate prikkel om die hele blad te wil lees. Oorweeg 'n webwerf."

Een respondent vermeld dat hy sy Kerkblaaie gereeld kantoor toe neem en aan kollegas leen; "ons kry dit baie selde terug; van die mense lees dit letterlik van voor tot agter, en ek self het nog net positiewe kommentaar teruggehoor."

"Deur beter bemarking."

"My voorstel is dat daaraan gedink word om 'n bestaande instansie te nader, bv. instansie wat argumentsonthalwe vir Radio Kansel bemarking doen (advertensies verkoop). Om 'n eie bemarker in diens te hê, is duur. Veral as landswyd advertensies gewerf moet word. As *Die Kerkblad* sy eie bemarkingskomponent wil hê, stel ek voor dat geadverteer word vir 'n bemarker in elke groot sentrum, wat dan net vir kommissie werk."

3.13 *Hoe oordeel u oor een tydskrif vir die hele gesin?*

"Daar kan 'n saak daarvoor uitgemaak word om die volgende redes: almal in die gesin te beweeg om dit te lees en die blad 'n huisgenoot te maak. Die kinders word daarmee groot en word moontlik by volwassenheid self intekenare. Hierdie opsie sal vereis dat daar vir die spesifieke leesnodighede en belangstellings van kinders voorsiening gemaak sal moet word. Vir die ouers bied dit die voordeel dat hulle op 'n manier kennis kan kry van wat in die kinderwêreld aan die gang is. Dit betref ook die leesstof vir vroue."

"Ek het al lankal gedink dat DK en 'Die Vroueblad' gerus maar kan saamsmelt in een tydskrif vir die hele gesin. 'Die Vroueblad' word ook graag deur mans gelees. 'Die Vroueblad' se uitleg is fleurig en netjies en dit kan net so wel in 'n gesinstydskrif oorgeneem word – en groot waarde tot DK toevoeg. Finansiële oorwegings soos minder verspreidingskoste kan dalk die deurslag help gee."

"Ja, **een** gesinstydskrif is die ideaal, maar dit verg kapitaal – 'n groter vaste redaksie is byvoorbeeld nodig asook 'n bemarker. Dit moet 'n blad wees met geloofspitkos (soos DK nou bevat), maar tegelyk ook meer populêre leesstof. 'n Samevoeging kan enersyds besparing meebring, maar redaksionele koördinasie is noodsaaklik. Ek kan my wel voorstel dat so 'n tydskrif met die regte bemarking byval sal vind."

"Voeg saam, met behoud van afdelings wat vir almal sorg."

"Ek dink die afsonderlike tydskrifte is beter: elke teikengroep kan sê: 'Dis ons s'n!' ipv te verdwaal tussen die blaaie van 'n massiewe 'Die Kerkblad'."

"Nie aanvaarbaar, verskillende lesers met verskillende behoeftes en belangstellings."

"Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat 'n enkele gesinstydskrif teenoor die huidige vier, bloot omdat dit saamgevoeg word, die sirkulasiesyfer gaan verbeter nie. Dit sou meer realisties wees om te verwag dat die huidige dalende tendens steeds sal voortgaan."

4. Oorlegpleging met ander Tydskrifte

4.1 *Oorlegpleging met die Vroueblad*

Oorlegpleging met die redaksie van '*Die Gereformeerde Vroueblad'* het plaasgevind maar daar kon nie tot 'n finale besluit geraak word nie. Enersyds is geoordeel dat een gesinstydskrif baie voordele inhou, soos ook deur die bogenoemde respondente uitgewys, andersyds het "*Die Vroueblad*" 'n lang tradisie, voldoen aan 'n bepaalde behoefte en beskik oor 'n eie Bladbouersfonds van ongeveer R339 000.

Van die redaksie van die Vroueblad is die volgende reaksie ontvang:
"Uit informele navraag en navorsing per telefoon en persoonlike gesprekke, blyk dit dat die meerderheid lesers nog tevrede is en sterk ten gunste van 'n afsonderlike tydskrif voel. Die redaksie het die moontlikheid van 'n enkele gesinstydskrif oorweeg en kan die voor- en nadele daarvan insien. Geen definitiewe besluit is geneem nie, aangesien almal stem dat 'n verandering nie noodwendig 'n verbetering sal wees nie, en ook nie noodwendig in die lig van stygende drukkoste ens. finansieel haalbaar sal wees nie."

4.2 *Oorlegpleging met die Slingervel*
Die redaksie van DK het met die redaksie van '*Die Slingervel'* (blad vir die junior jeug) oorleg gepleeg en hulle was mening dat hulle aan 'n besondere behoefte voldoen en steeds op hulle eie wil voortgaan.

4.3 *Oorlegpleging met die Bondsjeug/Kruispad*
Wat die '*Bondsjeug'* betref, het Sinode 2006 (Acta 2006:751) dr Braam Krüger as hoofredakteur aangewys wat hierdie aangeleentheid verder sou hanteer. 'n Nuwe blad '*Kruispad'* (blad vir die senior jeug) het ondertussen die lig gesien en daardie redaksie sal uiteraard self daaroor rapporteer.
Die Deputate het wel die moontlikheid van eenwording van Kruispad en Die Slingervel bespreek, maar kon nie tot 'n finale konklusie kom nie.

5. Finansiële aspekte

Br Giel Erasmus het (van die kant van die Administratiewe Buro) op die volgende sake gewys:

5.1 Die Direkteur van die Administratiewe Buro het deur die jare 'n reserwe opgebou om verhoogde druk- en verspreidingskoste te versag. So is genoeg papier aangekoop vir die druk van kerklike tydskrifte tot Junie 2010. Die reserwe (R146 000) is egter nou uitgeput.

5.2 *Die Vroueblad* beskik oor 'n Bladbouersfonds van ongeveer R339 000.

5.3 "Deur die huidige vier tydskrifte in 'n enkele gesinstydskrif saam te voeg, mag tot 'n besparing van kostes (salaris, reiskostes, druk- en verspreidingskoste) lei. Die besparing sal egter nie van so 'n aard wees dat die huidige tekorte sal verdwyn nie. Dit sal die huidige situasie hoogstens vir 'n tydperk effens verlig."

5.4 Die verminderde leserstal plaas groter druk op die jaarlikse raming per lidmaat.

6. Opmerkings en gevolgtrekkings

6.1 By enige beoordeling van die kerklike tydskirfte moet in berekening gebring word dat met beperkte redaksiekantore gewerk word: dié van DK bestaan uit een voltydse dame, Johanna Fourie, 'n deeltydse redakteur, 'n redaksie wat op vrywillige basis werk en dat die redaksie oor geen bemarker beskik nie. Die *Vroueblad* werk met 'n deeltydse redakteur, 'n redaksie wat op vrywillige basis werk en 'n grafiese kunstenaar wat die bladuitleg en voorblad doen.

6.2 Dit is uit die responsies asook ander gesprekke duidelik dat die lesers besondere waardering het vir die geselsrubriek in DK *Die redakteur gesels met.* (Dit is 'n metode wat ook in die openbare pers wyd gebruik word.)

6.3 Sommige respondente het opgemerk dat van die artikels in DK te teologies, te moeilik en nie altyd lesersvriendelik is nie. Die redaksie het groot moeite gedoen om artikels in 'n verstaanbare taalvorm aan te bied. Dikwels is artikels na 'n skrywer terugverwys vir herformulering en soms het die redaksie self moeilike woorde vergemaklik. In gevalle van fokusartikels is die taak van die redaksie natuurlik moeiliker omdat die tydsfaktor hier 'n belangrike rol speel – die kopie moet op 'n sekere tyd by die drukker ingehandig word.

6.4 Die redaksie van DK het sy bes gedoen om sover moontlik 'n openlike debat oor soms kontensieuse sake toe te laat en te bestuur. Daar is steeds getrag om billikheid na alle kante te laat geskied. In enkele gevalle waar die redaksie nie 'n aangeleentheid kon afhandel nie, is dit vir verdere hantering en finalisering na die Deputate Kerklike Tydskrifte verwys.

6.5 Die redaksie van DK het wat bladuitleg betref, kundige advies ingewin en het voortdurend gepoog om met elke uitgawe op die uitleg te verbeter. Foto's word sover moontlik gebruik, maar indien skrywers nie foto's (betyds) aanstuur nie, is die hande van die redaksie afgekap.

6.6 Die redaksie van DK het die behoefte aan groter nuusdekking aangevoel en gevolglik 'n nuusredakteur in die persoon van dr PW Bingle benoem ten einde wyer nuusdekking te verseker. Dit het goeie resultate opgelewer.

6.7 Met die nuwe ontwikkeling van geografiese kerkvergaderings sal die nuwe redaksie meer aandag moet gee aan kerklike gebeure in die ressort van die sogenaamde 'jonger' kerke. Daar sal moet besin word in watter mate ook van artikels in Engels gebruik gemaak behoort te word, sonder om daardeur die karakter van DK in te boet.

6.8 Die redaksie van DK het deurlopend ’n groot behoefte gevoel aan ’n persoon wat spesifiek aandag bestee aan die bemarking van DK. Dit kan nie van ’n deeltydse redaksie verwag word om ook nog bemarkingswerk te doen nie. Die nuwe redaksie moet ernstig oorweeg om sodanige persoon aan te wys (wat verkieslik ook op die redaksie kan dien). Die teikengroep moet veral lidmate tussen 30 tot 45 jaar wees (veral jonggetroude pare).
(Nota: Vir elke R100 000 wat ons hier spandeer, sal die intekengeld met R25 per eksemplaar styg. Dit is as daar een tydskrif is met 4000 intekenare. Tans word 11 000 eksemplare gedruk, maar baie tydskrifte gaan na dieselfde huis. R100 000/11000 is R18 as daar 2 tydskrifte na dieselfde huis gaan.Die vraag bly dus op die intekenare dit sal kan bekostig.)

6.9 Wat intekenaar-werwing en leserstal betref, kan die volgende opgemerk word:

6.9.1 Kerkrade behoort veel groter samewerking te verleen ten opsigte van die bekendstelling en verspreiding van DK. Kerkrade het swak gereageer op pogings van die redaksie in hierdie verband.

6.9.2 Gereelde bekendstellings van DK behoort in gemeentenuusblaaie geplaas te word. Johanna Fourie stuur elke week aan gemeentes berigte oor die volgende uitgawe van DK en weinig daarvan haal die nuusbriewe. Gemeentenuusbriewe en DK behoort komplementerend – en nie kompeterend nie – in vennootskap saam te werk. Soms kan nuusbriewe artikels uit DK oorneem asook omgekeerd.

6.9.3 ’n Bemarker behoort aangestel te word.

6.9.4 Daar moet in gedagte gehou word dat daar inderdaad meer lesers van DK is as wat die intekenaretal aandui. Talle lidmate stel DK (in tehuise en by die werk) aan ander persone beskikbaar.

6.9.5 DK is ook op die Internet beskikbaar. Soms reageer belangstellendes uit die buiteland op artikels.

6.10 Die vraag na een gesinstydskrif vir almal is inderdaad ingewikkeld. Dit hou enersyds bepaalde voordele in, maar bevat andersyds ook sekere nadele, soos uit die bovermelde gegewens blyk. Die onderskeie redaksies asook Deputate het lang diskussies gevoer oor die moontlikheid van eenwording van DK en die *Vroueblad* enersyds en die *Slingervel* en Kruispad andersyds, maar kon helaas nie tot ’n duidelike besluit en aanbeveling kom nie.

6.11 Die Deputate het ook oorweging verleen aan die moontlikheid dat afgestap word van die huidige beleid van intekenare (vir DK), dat die Sinode daarvoor beraam/begroot en dat DK aan alle lidmate (besoekpunte) deur kerkrade beskikbaar gestel word.

7. Aanbevelings

7.1 Die nuwe redaksie van DK ontvang opdrag om steeds aandag te gee aan die moeilikheidsgraad van artikels en sover moontlik te sorg dat die artikels toeganklik is vir alle lesers.

7.2 Die nuwe redaksie wys weer ’n nuusredakteur vir DK aan (wat teen beperkte vergoeding werk).

7.3 Die nuwe redaksie gee aandag aan die vraag na ’n bemarker/kolporteur wat die hele aangeleentheid van intekenaarwerwing en bemarking van DK hanteer. In hierdie verband moet oorlegpleging en samewerking met die CJBF-deputate plaasvind wat tans aandag gee aan die vraag van beter bemarking van kerklike en teologiese publikasies. Die bemarking van die ander kerklike tydskrifte moet hierby betrek word.

7.4 Die onderskeie redaksies gee aandag aan die vraag hoe die elektroniese media as ’n middel tot kommunikasie van die evangelie, nog beter benut kan word.

7.5 Die Deputate Kerklike Tydskrifte kry opdrag om die vraag hoe aan die behoeftes van Afrikatalige gemeentes in DK voldoen kan word, aandag en uitvoering te gee.

7.6 Die redaksies van die onderskeie tydskrifte gee opnuut aandag aan die moontlikheid van samesmelting van die tydskrifte, bv. een tydskrif vir die gesin en een vir die (junior en senior) jeug, en rapporteer aan die volgende Sinode.

7.7 Die Deputate Kerklike Tydskrifte kry opdrag om indringend aandag te gee aan die moontlikheid van ’n kerklike tydskrif wat (deur kerkrade) onder alle lidmate versprei word (sonder intekenare) en waarvoor die Sinode ’n raming per lidmaat vasstel.

Besluit:

(i) Die Kommissie het die studiestuk bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie duidelikheid is oor samesmelting van *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en die *Slingervel* om een gesinstydskrif te vorm nie. Beide die status quo en samesmelting het voor- en nadele. Gevolglik beveel die Kommissie aan dat die te benoeme Deputate Kerklike Tydskrifte aan die volgende sake aandag gee:

(a) dat die Redaksiekommissies van die 3 Kerklike Tydskrifte asook die Deputate Kerklike Tydskrifte deelneem aan die werkwinkel genoem hieronder by Kruispad. Tydens hierdie werkwinkel moet ook na die volgende gekyk word:
(b) die voor- en nadele van samesmelting van *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en die *Slingervel* om een gesinstydskrif te vorm
(c) die voor- en nadele van die status quo.

(ii) die te benoeme Deputate Kerklike Tydskrifte in samewerking met die Redaksiekommissies van *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en die *Slingervel* die samesmelting, al dan nie, afhandel.

2.6 Kruissubsidiëring: *Die Vroueblad* het *Kruispad* met R25 000 gesubsidieer.
2.7 Aandag word gegee aan al die tydskrifte om die Feesjaar in 2009 in een van die uitgawes as temas te gebruik.
2.8 Die Deputate aanvaar die gebruik van die Redaksie van *Die Kerkblad* om gesprekke met verskillende persone in die rubriek "Die Redakteur gesels met ..." te plaas.
2.9 Die Deputate het die Redaksies bygestaan in sake waarin die Redaksies versoek het om advies.
2.10 Die Deputate spreek hulle waardering uit vir die uitstekende dienste van die Redaksiekommissies en Redakteurs en die hoë standaard van die uitgawes van die tydskrifte.

Besluit: Kennis geneem van 2.6 tot 2.10.

3. Finansies

3.1 Die Deputate is dankbaar om te meld dat al die Tydskrifte gereeld verskyn het en dat 'n hoë standaard deurgans gehandhaaf is.
3.2 Die begrotings van die Tydskrifte is tans egter onder groot druk weens die sterk afname van lesertalle. Die intekenaretalle daal gedurig en maak dit al hoe moeiliker om die begrotings te laat klop.
3.3 Daar bestaan 'n behoefte aan die voorsiening van rekenaars vir die Redakteurs van *Die Kerkblad* en *Vroueblad* en die begrotings kon ook nie daarvoor voorsiening maak nie.
3.4 In die lig van die feit dat intekengelde gedurig agterstallig is, is daar gepoog om oor te skakel na 'n stelsel van vooruitbetaling van intekengelde op al die Tydskrifte. Hierdie oorskakeling het nog nie plaasgevind nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.4.

4. Rapporte van die onderskeie Redaksies van die Kerklike Tydskrifte met die aanbevelings word hierby aangeheg

5. Sake waaroor die Sinode moet besluit

5.1 Die Sinode neem met dank kennis van die toegewyde werk van die Redaksies van die onderskeie Tydskrifte wat gereeld verskyn het en ook van die hoë standaard wat gehandhaaf is.

Besluit: Goedgekeur. Die Sinode spreek besondere dank uit teenoor die Redakteurs en Redaksiekommissies van *Die Kerkblad*, *Die Gereformeerde Vroueblad* en die *Slingervel* vir toegewyde en deeglike werk.

5.2 Die Sinode neem kennis dat die Redakteur van *Die Kerkblad* nie weer vir die volgende termyn beskikbaar sal wees nie en wys 'n nuwe Redakteur aan. Die ander Redakteurs is bereid om nog 'n termyn te dien.

Besluit: Kennis geneem. Dit word aan die te benoeme Deputate Kerklike Tydskrifte opgedra om so gou moontlik 'n Redakteur vir *Die Kerkblad* aan te wys ooreenkomstig met bestaande Sinodebesluite.

5.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor prof Amie van Wyk, Redakteur van *Die Kerkblad*, vir sy voortreflike dienswerk van ses jaar.

Besluit: Goedgekeur. Die Sinode spreek sy hartlike dank en waardering uit teenoor prof Amie van Wyk vir 6 jaar se harde werk as Redakteur van *Die Kerkblad*.

5.4 Die Sinode spreek sy besondere dank en gelukwense uit vir die ontwikkeling van die nuwe tydskrif vir die die jeug, nl. *Kruispad*.

Besluit: Kennis geneem.

5.5 Die Sinode keur goed dat *Kruispad* in die toekoms onder die Deputate Jeugsorg sal sorteer.

5.6 Die Sinode keur die verslag van die toekomstige formaat van Kerklike Tydskrifte met aanbevelings goed.

5.7 Die Sinode benoem weer Deputate wat moet omsien na die gereelde uitgawes van die Kerklike Tydskrifte.

5.8 Sedert 1973 word die 3 kerklike tydskrifte deur Pionierdrukkers op band gelees en feitlik gratis aan gesiggesstremdes beskikbaar gestel.
Aanbeveling: dat die Deputate Kerklike Tydskrifte hierdie diens aktief in gemeentes bekend stel.

5.9 Die Deputate Kerklike Tydskrifte stel ondersoek in na die moontlikheid om die Kerklike Tydskrifte in Engels te bemark.

5.10 Die Deputate Kerklike Tydskrifte stel ondersoek in na die ontwikkeling van Kerklike Tydskrifte onder Afrikatalige gemeenskappe.

Besluit: Goedgekeur.

A. RAPPORT *DIE KERKBLAD*

1. Inleiding

Aangesien in die verslag van die Deputate Kerklike Tydskrifte breedvoerig aandag bestee word aan sake wat ook *Die Kerkblad* (DK) raak, word in hierdie verslag slegs kortliks gerapporteer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Publikasie

2.1 Soos die vorige drie jaar het DK ook die afgelope drie jaar gereeld as maandblad verskyn.

2.2 Meeste uitgawes het op een of ander aktuele tema gefokus, hoewel steeds artikels van uiteenlopende aard ook geplaas is.

2.3 Die Redakteur het gesorg vir die redaksionele artikel asook een (of soms twee) hoofartikels.

2.4 Die bladuitleg en finale afronding van elke uitgawe is telkens deur ons permanente redaksielid, Johanna Fourie, behartig.

2.5 Volgens die vorige Sinodebesluit sou *Ons Bondsjeug* nie langer meer deel van DK uitmaak nie en dit verskyn tans met die naam *Kruispad* onder 'n afsonderlike redaksie.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.5.

3. Redaksie

3.1 Die Redaksie is soos in die verlede saamgestel en het (afwisselend) uit die volgende persone bestaan: prof JH van Wyk (redakteur), Johanna Fourie (permanente lid), prof Francois Viljoen, ds Fanie Coetzee, ds Nico Ligthelm en dr André Grové. Verder het prof Derrick Mashau asook Mercia Venter en Eunice Strijdom vir 'n korter of langer tyd op die Redaksie gedien. Die Redaksie het sover moontlik probeer om iemand uit die sg. jonger kerke asook 'n vrouelid te betrek.

3.2 Die Redaksie het dr Pieter Bingle van Kaapstad as nuusredakteur benoem, hoewel hy nooit – uiteraard – vergaderings kon bywoon nie.

3.3 Breë Redaksie het tweemaandeliks vergader en die kernredaksie, wat deur die breë Redaksie benoem is, ook tweemaandeliks. Alle stukke is egter elke keer aan alle Redaksielede vir kommentaar deurgestuur.

3.4 In enkele moeilike gevalle wat die Breë Redaksie nie kon oplos nie, is die betrokke saak na die Deputate Kerklike Tydskrifte vir hantering en afhandeling verwys.

3.5 Tydens elke vergadering is elke artikel en elke brief sorgvuldig oorweeg vir publikasie. Soms is artikels of briewe terugverwys vir herformulering en in enkele gevalle ongeskik bevind vir publikasie.

3.6 Die Redaksie het altyd hartlik saamgewerk, ook in gevalle waar moeilike besluite in spanningsvolle tye in die kerkverband geneem moes word.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.6.

4. Beleid

Ons herhaal hier nagenoeg wat ons die vorige keer gerapporteer het:

4.1 *Die Kerkblad* is 'n Kerklike Tydskrif wat in diens staan van die kerk en die koninkryk van God en wat veral aan lidmate van die GKSA inligting, voorligting en geloofstoerusting verskaf. Die blad het hom ondubbelsinning binne die raamwerk van die Gereformeerde belydenis geposisioneer en byvoorbeeld duidelik standpunt ingeneem teen standpunte van die Nuwe Hervorming.

4.2 Die Redaksie het steeds te doen gekry met meningsverskille in die GKSA van 'n aard en omvang wat seker nog nooit voorheen ondervind is nie. Die Redaksie het sover moontlik daarna gestreef om hierdie verskille so sensitief en billik as moontlik te hanteer. In gevalle waar ons nie (ten volle) daarin geslaag het nie, vra ons beleefd om verskoning.

4.3 Die Redaksie het so veel as moontlik ruimte geskep vir debat en openhartige diskussie. Die debat is slegs beëindig wanneer geen nuwe argumente meer genoem is of wanneer die diskussie nie meer 'n opbouende karakter aangeneem het en nie meer sinvol vir die lesers was nie.

4.4 Skrywers van artikels is versoek om artikels te skryf wat nie langer 1 500 woorde is nie – briewe 500 woorde, hoewel enkele uitsonderings gemaak is wanneer daar 'n duidelike meriete daarvoor aangetoon kon word. Omdat vervolgartikels vir lesers dikwels vermoeiend is, is dit tot 'n mimimum beperk en slegs gebruik wanneer dit 'n duidelike meriete gehad het.

4.5 Wanneer briewe ontvang is wat duidelik nie op die tafel van DK tuishoort nie, is skrywers vriendelik versoek dat hulle eerder die "kerklike weg" moet volg en hulle saak by 'n kerkvergadering aanhangig moet maak.

4.6 Die Redaksie het altyd oopgestaan vir welmenende en opbouende kritiek.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.6.

5. Administrasie

5.1 Die administratiewe kantoor van DK vorm deel van die Administratiewe Buro in Potchefstroom en word deur Johanna Fourie behartig. Die Redakteur het vanuit sy woning in Pretoria gewerk en een keer per maand na Potchefstroom gereis vir Redaksievergaderings.

5.2 Drukwerk is deur V & R Drukkery in Pretoria gedoen en die Redaksie het groot waardering vir die werk wat gedoen is.

5.3 Individuele versending word vanuit Pretoria gedoen terwyl sommige gemeentes (veral in Pretoria) 'n ooreenkoms met die drukker het om hulle uitgawes direk by die drukker te gaan haal. Sommige Kerkrade verkies om die Kerklike Tydskrifte self by die Administratiewe Buro af te haal.

5.4 DK is elektronies beskikbaar op die webwerf http://www.gksa.org.za/

Besluit: Kennis geneem van 5.1 tot 5.4. Die Sinode bedank sr J Fourie vir haar bekwame hulp met die redaksionele versorging van *Die Kerkblad*.

6. Finansies

6.1 Finansiële gegewens word in die state van die Administratiewe Buro weerspieël.

6.2 Die intekenaretal van DK het sedert 1995 tot 2008 van 7 800 tot 4 820 verminder, 'n aangeleentheid wat vir die Redaksie steeds 'n saak van kommer is, onder meer omdat die intekengeld ook daarmee verminder. In die ander omvattende Rapport word hieroor breedvoeriger gerapporteer.

6.3 Die Redaksie het 'n versoek aan die **Feeskomitee 150** gerig om 'n afsonderlike bedrag vir die Feesuitgawe van Februarie 2009 te begroot sodat 'n groter oplaag by hierdie besondere geleentheid gedruk en versprei kan word.

Besluit: Kennis geneem van 6.1 tot 6.3.

7. Aanbevelings

7.1 Die Sinode neem met dank kennis dat DK gereeld maandeliks verskyn het en bedank die uittredende Redaksie vir die werk wat hulle gedoen het.

7.2 Die Sinode spreek 'n besondere woord van dank uit teenoor Johanna Fourie vir die groot werk wat sy altyd met presiesheid en toewyding gedoen het.

7.3 Die Sinode wys 'n Redakteur aan wat in samewerking met die nuwe Deputate Kerklike Tydskrifte 'n nuwe Redaksie saamstel wat tot die volgende Sinode sal funksioneer.

7.4 Die Sinode keur dit goed dat die huidige Redaksie aanbly tot en met die verskyning van die Februarie-uitgawe 2009 van DK en dat die nuwe Redaksie die uitgawes vanaf Maart 2009 versorg. Die rede is dat die Februarie-uitgawe as 'n Feesuitgawe beplan is en die insameling van artikels reeds in 2008 moes plaasvind. Uiteraard sal die nuwe Redaksie reeds teen einde Januarie met hulle beplanningswerk vir 2009 moet begin.

7.5 Die nuwe Redaksie moet in besonder aandag gegee aan verrigtinge rondom die 150-jarige feesvierings van die GKSA. Ten einde die taak van die nuwe Redaksie te vergemaklik, het die huidige Redaksie reeds die breë beplanning van die Maart tot Mei-uitgawes gedoen. Verder moet die nuwe Redaksie ook rekening hou met die 500ste herdenking van die geboortedag van die kerkhervormer Johannes Calvyn (op 10 Julie).

Besluit: Goedgekeur.

8. Afskeid

Die Redakteur, asook huidige Redaksie, neem hiermee afskeid. Dit was 'n voorreg en vreugde om die GKSA, en daarmee die koninkryk van God, op hierdie wyse te kon dien. Dit was spanningsvolle tye in kerk en samelewing, maar die Here was ons almal genadig om met die krag en insig wat ons ontvang het die saak van die koninkryk te dien. Meer as enigiemand anders is ons bewus van ons tekortkomings, maar ons vertrou dat die Here die goeie wat ons wél gedoen het, sal seën.

Besluit: Kennis geneem.

B. RAPPORT SLINGERVEL

1. Die redaksionele beleid

Inleidend

Die *Slingervel* word onder toesig van die Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) met die hulp van die Redaksiekommissie as 'n kerklike publikasie vir die skoolgaande jeug uitgegee. Die *Slingervel* is nie 'n amptelike mondstuk van die GKSA nie, maar die GKSA is wel die eienaars en uitgewers van die *Slingervel.*

Doelstellings

1.2.1 Om die lesers, die skoolgaande kerkjeug, elk in sy eie wordingsfase, te begelei in die Skrifwaarhede wat vir hulle in die tyd waarin hulle leef van toepassing is.

1.2.2 Punt 1.2.1 te verwerklik by wyse van Skrifoordenkinge, artikels en rubrieke waarin die problematiek van die kerkjeug telkens onopsigtelik aan die orde kom.

1.2.3 Om ook ontspanningsmateriaal te bied by wyse van blokkiesraaisels in verskillende vorme, vasvrarubrieke, teken en inkleur.

1.2.4 Om vir die kleuters en vroeë laerskolers 'n storie te publiseer.

1.2.5 Om by wyse van 'n penmaat, e-maat en SMS-maatrubriek, 'n briewebus en 'n verjaardaghoekie die lesers se deelname te prikkel en aan te moedig.

1.2.6 Om ook te sorg vir 'n pretbladsy op 'n gesonde en gebalanseerde wyse.

1.2.7 Om voorsiening te maak vir maats se eie werk.

1.2.8 Om met moderne joernalistieke aanpak die *Slingervel* se uitleg en aanbieding in te klee op 'n wyse wat vir die teikengroep prikkelend en aantreklik is.

1.2.9 Om op 'n gereelde basis die *Slingervel* te evalueer in die lig van die heersende lewensmilieu van die skoolgaande jeug.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.2.9.

2. Die redaksie

Dr Nico van der Merwe (Redakteur), Joey Fourie (Tipografie en uitleg), Marina Kotze (Junior Rubrieke, Penmaat-, e-maat en SMS-maat rubrieke), Riana Jonker (Verjaardaghoekie), Susan Lourens (Boekbesprekings), Rina Myburgh (Raaisels en kopkrappers), Tersia van der Merwe (Blokkiesraaisels, letter- en syferspeletjies), Attie Venter (Wetenskapartikels), Rika du Plessis-Cloete is verantwoordelik vir die Juniors se maandelike storie en 'n vervolgverhaal vir die tieners.

Besluit: Kennis geneem.

3. Uitvoering van die opdrag

3.1 Die *Slingervel* het gereeld verskyn en die ywer, toewyding, entoesiasme en oorgawe van die hele redaksie moet hier met dankbaarheid teenoor hulle vermeld word. In die besonder ons dank en waardering vir die groot werk wat sr Joey Fourie deeglik en stiptelik doen.

3.2 Jaarliks was dit baie moeilik om die *Slingervel* van Desember betyds voor die vakansie by die lesers te kry. Die afgelope 3 jaar is aan die einde van die jaar telkens 'n gesamentlike November/Desember-uitgawe saamgestel wat aan die einde van Oktober versend is. Die redaksie hoop dat dit die probleem oplos.

3.3 Die Redaksie het gepoog om so getrou as moontlik die doelstellings in die redaksionele beleid te verwesenlik.

3.4 In die besonder is meer as in die verlede, aandag gegee aan die tieners en hulle behoeftes, sonder om die juniorgroepe se inhoud te verskraal, sodat die inhoud van die *Slingervel* die verbondsjeug van kleuter deur puberteit tot adolessensie op een of ander wyse aanspreek.

3.5 Die Redaksie het probeer om die balans te handhaaf tussen die godsdienstige inhoud van die blad en ook ander leesstof met 'n Christelike en speelse inhoud. Te alle tye is gepoog om die Christelike karakter van die *Slingervel* te eerbiedig en uit te bou.

3.6 Daar is ruim geleentheid gebied vir deelname deur die lesers en veral hulle doen en late asook eie werk.

3.7 Die reaksie van die lesers was nie goed nie. Die redaksie wyt dit aan die lewensmilieu waarin die jeug opgroei. By wyse van die internet op e-posvlak en by wyse van SMS-boodskappe kom daar tog reaksie. Dit wil voorkom asof die jeug nie meer briewe skryf soos wat dit in die verlede die geval was nie.

3.8 Wat die voorkoms van die *Slingervel* betref, word tans van 8 bladsy in volkleur gebruik gemaak.

3.9 Met vreugde en dankbaarheid kon die vyftigste bestaansjaar van die *Slingervel* in Augustus 2008 gevier word met 'n spesiale uitgawe van die tydskrif. Met dank aan die Here is daar gedink aan die 50 jaar van die *Slingervel* se bestaan sedert Augustus 1958. Die werk en toewyding van 4 redakteurs is ook in herinnering geroep: dr Klaas van Wyk de Vries (Augustus 1958 – Maart 1961), dr Sarel du Plessis (April 1961 – Desember 1965), prof Pieter Buys (Januarie 1966 – Desember 1999), dr Nico van der Merwe sedert Januarie 2000. Terselfdertyd is waardering betuig teenoor 'n groot getal susters en broers wat in hierdie 50 jaar hulle bydrae gelewer het tot sukses van die tydskrif. Mag die Here die Slingervel seën tot ryke vrug in die jare wat kom.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.9. Die Sinode bedank dr Nico van der Merwe en die Redaksiekommissie van die *Slingervel* vir die keurige versorging van die blad.

C. RAPPORT *DIE GEREFORMEERDE VROUEBLAD*

1. **Inleiding**

Namens die Redaksie van *Die Gereformeerde Vroueblad* (VB) is dit steeds aangenaam om verslag te doen oor die publikasie en aanverwante sake rondom die VB. Deur die wonderlike voorsiening van die Here het ons nog altyd genoeg materiaal gehad om elke maand 'n volledige tydskrif die lig te laat sien, en uit die terugvoer van ons lesers is die tydskrif nog steeds gewild en lesenswaardig.

Besluit: Kennis geneem.

2. Publikasie

Soos hierbo vermeld het die VB gereeld maandeliks verskyn – die afgelope twee jaar (2006 en 2007) het ons geëksperimenteer deur net een dikker vakansie-uitgawe die lig te laat sien oor die Desembervakansie. Dit het die Redakteur (veral) 'n blaaskansie gegee, en alle kopieë wat in die Januarie-uitgawe sou verskyn, is in die dikker vakansie-uitgawe geplaas. Niemand het dus skade gely nie, en dit het goed gewerk.

Die inhoud het gewissel van maand tot maand na gelang van die beskikbare kopie. Die meeste artikels wat ontvang is, het opgedaag sonder dat daar noodwendig gesoek of gevra is daarvoor. Aktuele sake het per geleentheid aandag gekry, maar die tydskrif het hoofsaaklik 'n forum gebied vir vroue uit die kerkverband (en ander ook) om hulle artikels te laat plaas. Van tyd tot tyd het die gemeentelike aktiwiteite in die rubriek Gemeente-Mosaïek verskyn waaruit afgelei kan word dat daar tog veel kreatiewe en opwindende dinge in die gemeentes aangaan.

Die redakteur het in elke uitgawe gesorg vir die redaksionele brief en soms ook vir 'n artikeltjie van opvoedkundige of Bybelkundige aard.

Die bladuitleg is op hoogs professionele en kreatiewe wyse behartig deur ons grafiese kunstenaar, Karien Brink, en baie van die voorblad- en ander foto's is deur haar man, Roni Brink geneem en aan ons beskikbaar gestel.
Die voortbestaan van die VB as afsonderlike tydskrif is tans onder bespreking en op die eersvolgende Sinode sal die finale besluit daaroor geneem word. Uit informele navraag en navorsing per telefoon en persoonlilke gesprekke, blyk dit dat die meerderheid lesers van die VB nog tevrede is en sterk ten gunste van 'n afsonderlike tydskrif voel. Die Redaksie het die moontlikheid van 'n enkele gesinstydskrif oorweeg en kan die voor- en nadele daarvan insien. Geen definitiewe besluit is geneem nie, aangesien almal stem dat 'n verandering nie noodwendig 'n verbetering sal wees nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Redaksie

Die Redaksie het bestaan uit die volgende persone: Dr Marina van Loggerenberg (Redakteur), prof Jacques van der Elst, ds Nico Botha, mev Ann Ramage, mev Corli le Roux, en mev Karien Brink in raadgewende hoedanigheid, as grafiese kunstenaar.
Die Redaksie het nie so gereeld vergader nie – hoofsaaklik per e-pos en per telefoonkonferensie gekommunikeer, en materiaal is hoofsaaklik op dieselfde wyse geëvalueer en teruggestuur.
Aangesien die VB nie noodwendig kontensieuse inhoud publiseer nie, het daar weinig, indien enige omstrede sake ooit op die agenda verskyn. In enkele gevalle is die Redaksie geraadpleeg en het die Redakteur dienooreenkomstig gereageer.

Besluit: Kennis geneem.

4. Beleid

DIE GEREFORMEERDE VROUEBLAD

b. Inleidend

Die Gereformeerde Vroueblad word onder toesig van die Deputate: Publikasies van die GKSA met die hulp van die Redaksiekommisssie as 'n kerklike publikasie vir die Gereformeerde vrou en die breë kerklike leserspubliek uitgegee. Die Vroueblad is dus nie 'n amptelike mondstuk van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) nie, maar die GKSA is wel die eienaars en uitgewers van die Vroueblad.

VVVVVVV. Doelstellings van Die Gereformeerde Vroueblad

Om in die lig van die Skrif plek diensbaar te wees en prinsipiële leiding te gee aan die Gerefomeerde vrou waarby die volgende kerninhoude aan die orde kom:

2.1 Besinning oor Skrifwaarhede, byvoorbeeld deur middel van die plasing van Skrifoordenkings en die toepassing van spesifieke Skrifgedeeltes in artikelstof wat aangebied word.

2.2 Die weergawe van en besinning oor aktuele sake met 'n Skrifgefundeerde perspektief.

2.3 Artikelstof wat voorsien in die behoeftes van 'n verskeidenheid leeftydsgroepe.

2.4 Die insluit van nuuswaardighede wat spesifiek betrekking het op die werksaamhede (veral van vroueaksies) in die breë kerkverband.

2.5 Publikasie van menings van lesers in die Vroueblad se briewekolom.

Uitleg en joernalistieke aanpak

Om bogenoemde doelstellings te bereik, moet die Redaksie met die middele tot sy beskikking poog om met 'n eietydse joernalistieke aanpak die Vroueblad se uitleg en algemene aanbieding te versorg.

Riglyne vir die aard van bydraes wat geplaas word

4.1 Enige aspek wat die volle spektrum van gelowig wees dek, kan in bydraes aangeraak word. Raakpunte met veral die vrou se leefwêreld sal uiteraard voorrang kry.

4.2 Bydraes kan onder andere gerig te wees op aspekte soos byvoorbeeld geloofsgroei, individuele/kerklike/gemeentelike betrokkenheid op allerlei terreine, die praktiese belewing van Christenskap, diensbaarheid in die koninkryk, ensovoorts.

4.3 Artikels moet aktueel wees, die huidige bestaansproblematiek betrek en trag om vir die gelowige praktiese hanteringsmeganismes daar te stel. Wat belangrik is, is die uitlig van een of ander aspek wat die aanbieding van die artikelstof anders sal maak as 'n artikel wat in 'n sekulêre tydskrif geplaas word. Die Vroueblad moet artikels bied vir die gelowige vrou "in pas met die tyd".

4.4 "Prekerigheid" en moralisering behoort vermy te word.

4.5 Die artikel moet meer wees as 'n persoonlike anekdote of die beskrywing van 'n belewing/ervaring wat eintlik net vir die skrywer self van belang is. Bydraes moet 'n ruimer dimensie hê: daar moet onder andere gevra word wat die bydrae (kan) beteken vir die gelowige vrou in die algemeen. Indien wel van 'n persoonlike waarneming/ervaring uitgegaan word, behoort die artikel 'n algemeengeldige geloofswaarheid of toepassing te hê wat oortuigend in die gegewe geïntegreer is.

4.6 Huldeblyke oor individuele persone/familielede van lesers wat uiteraard net vir 'n baie beperkte leserskring belang het, moet liefs in gemeenteblaaie geplaas word of kan aan Die Kerkblad gestuur word waar dit teen betaling geplaas word.

4.7 Gedigte en rympies word normaalweg nie gepubliseer nie.

Evaluering van bydraes wat ontvang word

5.1 Elke lid van die Redaksiekommissie ontvang 'n afskrif van alle bydraes wat ontvang word en moet hierdie bydraes op onafhanklike wyse evalueer en 'n skriftelike motivering skryf vir sy/haar aanbeveling.

5.2 Indien die aanbevelings redelik ooreenstem, word voortgegaan met die publikasievoorbereiding van die bydrae.

5.3 Indien die lede van die Redaksiekommissie se evaluerings te veel verskil oor die plaasbaarheid van 'n bydrae al dan nie, word sodanige bydrae weer bespreek op die tweemaandelikse redaksievergadering.

5.4 Die redaktrise en die redigeerders het die vryheid om artikels te verkort, gedagtes uit te brei of te parafraseer in oorleg met die artikelskrywer.

Besluit: Kennis geneem van pt 4 [Beleid].

5. Administrasie

5.1 Die VB word in geheel op 'n vrywillige basis deur die Redakteur en Redaksie ge-administreer – eintlik deur die Redakteur alleen. Waar en wanneer nodig word hulp van die Redaksie ingeroep. Selfs die rekenaar en drukker, die skandeerder en faksfasiliteite behoort aan die Redakteur.

5.2 Die drukwerk is gedoen deur V & R Drukkery in Pretoria en die samewerking met Ludick Venter is vriendelik en hartlik. Ons het besondere waardering vir die wyse waarop ons met hom kon saamwerk.

5.3 Verspreiding word ook vanuit Pretoria gedoen – in Randburg ontvang ons ook die VB'e soms laat – maar dis 'n plaaslike reëling, en daarom het ek maar op die VB ingeteken om my eie kopie betyds te ontvang.

5.4 Die VB is ook op die webwerf http://www.gksa.org.za elektronies beskikbaar.

Besluit: Kennis geneem van 5.1 tot 5.4.

6. Finansies

6.1 Alle finansies word deur die Administratiewe Buro behartig. Vir enige inligting daaroor, raadpleeg asseblief die finansiële state van die Administratiewe Buro.

6.2 Die intekenaretal is aan die daal.

Besluit: Kennis geneem van 6.1 en 6.2.

7. Slot

Dit was 'n groot voorreg om met die VB gemoeid te wees en as Redakteur op te tree vir die afgelope 6 jaar. Ek stel myself beskikbaar om nog 'n termyn as Redakteur te dien. Mag die besluit oor die toekoms van die Tydskrifte vorentoe die regte een wees, en mag die seën van die Here daarop rus.

Besluit: Kennis geneem. Die Sinode bedank dr Marina van Loggerenberg en die Redaksiekommissie van *Die Gereformeerde Vroueblad* vir volgehoue en goeie werk.

19

D. RAPPORT BONDSJEUG/KRUISPAD

a. Deputate

Sinode 2006 het dr AJ Krüger aangewys as Deputaat vir Ons *Bondsjeug* (Acta 2006:751). Ds Paul Grobler (Rustenburg-Wes) en sr Adri Breed (NWU) is as Deputate gekoöpteer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Opdrag van die Sinode 1985/2006

Die Deputate vir Kerklike Tydskrifte het by die Sinode van 2006 'n versoek gerig dat die Sinode leiding moet gee oor die hantering van die *Bondsjeug*. Dit is gedoen deur dr AJ Krüger aan te wys as deputaat vir die *Bondsjeug*.

Daar is nie 'n spesifieke opdrag gegee nie, en nagaan van Sinodebesluite dui daarop dat Sinode 1985 opdrag gegee het dat die *Bondsjeug* as selfstandige tydskrif uitgegee word nadat dit klaarblyklik sedert 1981 as Bylae by die *Kerkblad* verskyn het (Acta, 1985:77).

Die lesersteiken van die *Bondsjeug* is hoërskoolkinders, studente en werkende jongmense (1985:77).

Die opdrag aan die Deputaat is dus gebaseer op die besluite van Sinode 1985.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.4.

3. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Verloop van gebeure

Na afloop van die Sinode 2006 het ds (toe teologiese student) Paul Grobler onder die voorsienigheid van die Here by die nuwe Redakteur van die *Bondsjeug* prakties gedoen in Jeugwerk.

Gesprekke is gevoer oor die kenmerke en vereistes aan 'n jeugtydskrif wat in die hedendaagse tyd doelmatig tot die teikengroep sal spreek. Ds Grobler het verskeie insette gelewer en groot entoesiasme vir die saak getoon. Hy is toe (Feb 2006) gekoöpteer as lid van die Deputategroep.

Ds Grobler het verskeie inisiatiewe geneem, en 'n span van bekwame jongmense byeengebring om die tydskrif weer op die been te bring. Hierdie jongmense is (meestal) Gereformeerde professionele afgestudeerdes en studente van die NWU en TSP.

Daar is besluit dat die blad sal bekendstaan as *Kruispad*. Daarmee word twee kenmerke van die tydskrif uitgelig:

- Dat die blad jongmense wil bedien in die lig van die kruis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.
- Dat jongmense in die teikengroep hulle op verskeie kruispaaie van die lewe bevind (byvoorbeeld beroepskeuses, lewensmaats, kerklike betrokkenheid, ens). Die tydskrif wil aan jongmense in die lig van die kruis leiding gee hieroor.

Vroeg in 2007 is 'n bekendstellingsblad (genoem *Padkaart*) aan gemeentes in die GKSA versend en die eerste uitgawe in Februarie 2007. Die eerste uitgawes is gratis versend aan gemeentes, met die aanmoediging vir lesers en kerkrade om in te skryf op die blad. Tans word daar steeds gratis eksemplare aan gemeentes gestuur en verder aan intekenare.

Die blad verskyn sedertdien gereeld (tweemaandeliks).

Belangrike uitgangspunte

Kruispad is 'n eietydse tydskrif met Reformatoriese inhoud, gefokus op aktuele sake, gerig op groeiende gelowiges van 17-23 jaar om toerusting te gee vir die maak van ingeligte keuses wat lei tot geloofsgroei.

Hierdie visie word gerealiseer deur 'n interaktiewe medium daar te stel wat relevante temas aanspreek en jong gelowiges motiveer om die pad van die kruis van Christus te stap en volwasse in geloof te word, sodat God die eer sal kry en die kerk opgebou sal word.

Die blad het ook 'n webtuiste (www.kruispad.net) met verskeie rubrieke en die moontlikheid om te kommunikeer met die redaksiespan.

Toekomstige hantering van Kruispad

Tydens die proses van heruitgawe van *Bondsjeug/Kruispad* het dit spoedig duidelik geword dat daar groot oorvleueling tussen die opdragte aan *Kruispad* en die Deputate vir Jeugsorg is (beide het byvoorbeeld opdrag tot 'n tydskrif en webblad).

Daar is verskeie kere saam met die Deputate Jeugsorg vergader, en daar is besluit om werk te koördineer. Dit het op sy beurt daartoe gelei dat besluit is om by die Sinode aan te beveel dat *Kruispad* in die toekoms deel uitmaak van die opdrag aan die Deputate Jeugsorg.

Daar sal reeds by Sinode 2009 verslag oor *Kruispad* gedoen word onder die Rapport van die Deputate Jeugsorg.

Besluit: Kennis geneem van 3.1.1 tot 3.3.3. Die Sinode bedank dr AJ Krüger en ds Paul Grobler vir hulle insette. Die Sinode spreek verder sy dank en waardering uit teenoor die jong lidmate wat *Kruispad* met ywer en entoesiasme geloods het.

4. Finansies

Sinode 2006 het geen begroting vir die *Bondsjeug/Kruispad* gehad nie.

Die *Vroueblad* het goedgunstiglik aan ons R25 000 voorgeskiet om aan die gang te kom.

Ons is van mening dat 'n blad soos *Kruispad* nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie. Oor die toekomstige finansies van *Kruispad* word by die Deputate Jeugsorg gerapporteer en begroot.

Met die ineensmelting van die werk van *Kruispad* en die Deputate Jeugsorg het daar gemeentes na vore gekom om as donateurs mee te werk aan die globale bediening aan die jeug in die GKSA. Finansiering van *Kruispad* het tot op hede hieruit en uit intekenings plaasgevind.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.4. Die Sinode spreek sy hartlike dank en waardering teenoor die donateurs van *Kruispad* uit.

5. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Die Sinode keur die ontwikkelings binne die tydskrif goed, insluitende die oordra van verantwoordelikheid vir die tydskif na die Deputate vir Jeugsorg.

Die Sinode dank die Here vir 'n tydskrif wat die jeug van die GKSA bedien en selfs wyer as die GKSA gelees word en ook bemark sal word.

Die Sinode spreek sy gelukwense aan ds Paul Grobler uit met die vestiging van die tydskrif.

Die Sinode spreek sy dank uit teenoor al die medewerkers wat die publikasie moontlik gemaak het. Veral sr Adri Breed word bedank as die eerste Redakteur: Inhoud van die tydskrif.

Die Sinode keur dit goed dat die opdrag rondom *Bondsjeug/Kruispad* hiermee oorgedra word na die Deputate vir Jeugsorg.

Die Sinode wys ds Paul Grobler aan as Deputaat Jeugsorg met opdrag: Kruispad.

Besluit: Goedgekeur. Die volgende aanbevelings vir *Kruispad* word ook goedgekeur:

1. die jeugtydskrif *Kruispad* uitgebou word onder leiding van te benoeme Deputate Kruispad (Jeugsorg), met inagneming van vorige werk gedoen.
2. sr Maureen van Helden as Redakteur van *Kruispad* benoem word. Indien die aangewysde Redakteur nie verder haar pligte kan nakom nie, moet *Kruispad* in oorleg met die Deputate Kerklike Tydskrifte 'n Redakteur aanwys.
3. die Redakteur van *Kruispad* deel vorm van die Deputate Kerklike Tydskrifte.
4. die te benoeme Deputate Kerklike Tydskrifte, in oorleg met Deputate Jeugsorg, 'n Redaksiekommissie vir *Kruispad* aanwys om die Redakteur by te staan.
5. die te benoeme Deputate Kerklike Tydskrifte so spoedig moontlik 'n werkswinkel reël waartydens van kundiges uit die aktiewe media bedryf gebruik gemaak word om 'n dinamiese besigheidsplan vir *Kruispad* saam te stel met die oog daarop dat *Kruispad* so spoedig moontlik selfonderhoudend kan wees.

   Motivering: die huidige en vorige Redakteurs van *Kruispad* het die behoefte uitgespreek aan 'n dinamiese besigheidsplan vir Kruispad.
6. alle gemeentes versoek word om die inisiatiewe rondom *Kruispad* te ondersteun.

23.2 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE ALMANAK (Artt 119, 277)

WWWWWW. Ds W Vogel lewer die Rapport.
XXXXXXX. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies en Media.
YYYYYYY. Ds AP Kruger rapporteer namens Kommissie Publikasies en Media.

ZZZZZZZ. **RAPPORT**

1. Opdrag

Kyk Acta 2006:754

Die *Almanak* word weer uitgegee en 'n redaksie moet aangewys word (*Indien moontlik, moet die Redakteur een van Potchefstroom se predikante wees*) met die opdrag om:

Die *Almanak* met dagstukkies uit te gee

Die Voorsitter van die diakonie van elke kerk se besonderhede word ook gepubliseer. Ouderlinge en diakens se name word behou.

Te kyk na moontlikhede van intensiewer bemarking van die *Almanak* om sodoende die publikasie in soveel moontlik huise beskikbaar te stel en 'n moontlike Engelse mark te ontgin.

Die moontlikheid te ondersoek om die Almanak ook in Engels te laat druk en op die Gereformeerde Kerke se Webblad beskikbaar te stel. Hierdie versoek is nie net gemotiveer in die lig van Internetgebruikers se behoeftes nie, maar ook van anderstalige lidmate van Gereformeerde Kerke.

Die moontlikheid te oorweeg om 'n oorkoepelende Deputategroep saam te stel vir Publikasies sodat daar voortdurend oor gemeenskaplike sake soos byvoorbeeld Finansies gehandel kan word.

Statistiese tabelle te verander om 'n meer statisties kontroleerbaar, 'n roepings verantwoordbare (soos bv. vordering in die vervulling van die missionêre roeping van die kerk) asook 'n gebruikersvriendeliker profiel van getalle in die Gereformeerde Kerke weer te gee. Vir die doel is die versoek dat Prof Faans Steyn van die Statistiese Konsultasiediens aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit op die Redaksie van die Almanak benoem moet word.

Administratiewe inligting meer vaartbelyn te maak.

Dit word aanbeveel dat die kategorie "opgeneem" in die toekoms verdeel sal word in "opgeneem uit ander kerke" en "opgeneem na evangelisasie".

Die Deputate ondersoek die moontlikheid om dagstukkies vir die tiener-, studente- en werkende jeug te publiseer.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.1.9.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

Die *Almanak* het jaarliks verskyn (vgl. Opdrag 1.1).

Die *Almanak* het jaarliks verskyn met dagstukkies. Die Deputate wil graag aan die Sinode rapporteer dat die *Almanak* met dagstukkies in die lig van korrespondensie wat ontvang is, en volgens die beskeie oordeel van die Deputate, baie goed ontvang is in die kerkverband en daarbuite. Die Deputate wil ook graag 'n woord van besondere dank uitspreek teenoor al die predikante wat op 'n besondere wyse saamgewerk het om van hierdie publikasie 'n sukses te maak (vgl. Opdrag 1.1.1).

Die Voorsitter van die diakonie van elke kerk se besonderhede is gepubliseer. Ouderlinge en diakens se name is nie geplaas nie. Daar was 'n versoek dat die lettertipe van die dagstukkies groter gedruk moet word en dat die dagstukkies een op 'n bladsy geplaas word. As gevolg hiervan het die drukkoste verhoog en is daar na aanleiding hiervan 'n skrywe aan elke Kerkraad gestuur vir 'n meningspeiling of die name van die ouderlinge en diakens gepubliseer moet word. Uit die meningspeiling het gewys dat die name weggelaat kan word. Die Deputate het besluit dat die name

wel aangevra word en dat die statistiekvorms na ’n tydperk na die argief gaan vir bewaring indien persone hieroor navorsing wil doen (vgl. Opdrag 1.1.2).

Intensiewe bemarking is gedoen deur die stuur van plakkate aan Kerkrade en onderskeie instansies. Die ontginning van ’n Engelse mark blyk ’n baie duur proses te wees. Sinode Middellande se inligting is in Engels agterin die Almanak geplaas (vgl. Opdrag 1.1.3).

Die moontlikheid te ondersoek om die Almanak ook in Engels te laat druk en op die Gereformeerde Kerke se Webblad beskikbaar te stel. Hierdie versoek is nie net gemotiveer in die lig van Internetgebruikers se behoeftes nie, maar ook van anderstalige lidmate van Gereformeerde Kerke (vgl. 2.1.3).

’n Lid van die Deputate Almanak het op gereelde grondslag die vergaderings van die Deputate Publikasies bygewoon. Die Deputate Almanak het ook finansiële bydraes gemaak aan *Die* Kerkblad en *Slingervel* (vgl. Opdrag 1.1.5).

Statistiese tabelle is in samewerking met prof Faans Steyn verander om ’n meer statisties kontroleerbaar, ’n roepingsverantwoordbare asook ’n gebruikersvriendeliker profiel van getalle in die Gereformeerde Kerke weer te gee (vgl. Opdrag 1.1.6).

Administratiewe inligting is meer vaartbelyn gemaak (vgl. Opdrag 1.1.7).

Die kategorie “opgeneem” is verdeel tussen “opgeneem uit ander kerke” en “opgeneem na evangelisasie” (vgl. Opdrag 1.1.8).

Die publisering van dagstukkies vir die tiener-, studente- en werkende jeug is ondersoek. Die boekemark is tans oorweldig met publikasie gerig op die tiener en werkende jongmense. Die Deputate het besluit om in die publisering van dagstukkies in die Almanak wel hieraan aandag te skenk deur teologiese studente te versoek om ’n aantal dagstukkies te skryf. In die Almanak 2008 is daar ’n maand afgestaan aan die jeug (vgl. Opdrag 1.1.9).

Neem ’n besluit oor die opgehoopte fondse met inagneming van die volgende aanbeveling van die Deputate:

Die Sinode oorweeg dit om aan die nuwe Deputate ’n bufferbedrag van ongeveer R80 000 beskikbaar te stel om verdere verhogings te kan absorbeer en sodoende die verkoopprys van die *Almanak* so laag as moontlik te hou en om die gehalte steeds te verbeter.

Die oplaag van die *Almanak* was vir 2007: 16 000 eksemplare, vir 2008 was dit 15 000 en vir 2009 word ’n oplaag van 18 000 beplan. Omdat die projek so geseënd is, het die Deputate ’n aantal eksemplare aan Gereformeerde instellings soos ouetehuise en kinderhuise gratis beskikbaar gestel. Die indruk wat die Deputate het, is dat Kerkrade meer geredelik al die *Almanakke* wat hulle bestel van die hand sit en dat dit nie in konsistories ophoop nie.

Die Deputate is dankbaar om te rapporteer dat na die drie jaar ’n goeie wins getoon kan word soos blyk uit die Finansiële state wat aan die Sinode beskikbaar gestel is. Die Deputate was in die lig van die finansiële situasie daartoe in staat om die prys van die *Almanak* vir die laaste twee uitgawes laag te te hou, waarvoor ons baie dankbaar is.

’n Bedrag van R500 000 is na die Dankbaarheidsfonds oorgeplaas na oorlegpleging met die Bestuur van die Administratiewe Buro.

2.3 Die Deputate se beleid is om al die inligting wat beskikbaar is van al drie die Sinodes van die Gereformeerde Kerke in die *Almanak* te plaas. Ongelukkig moet ons rapporteer dat die inligting nie volledig is nie.

2.4 Dit is die beleid van die Deputate om jaarliks huldeblyke van predikante wat oorlede is, te plaas.

2.5 Die Deputate plaas van tyd tot tyd ’n volledige lys van “Kerke en hulle predikante”. Sodanige lys is weer volledig in die 2008-uitgawe van die *Almanak* geplaas.

2.6 Die Deputate poog om die standaard van die *Almanak* jaarliks te verbeter sodat dit ’n uitgawe sal wees waarop alle lidmate trots is. Ons wil verskeie lidmate en predikante bedank vir insette en wenke wat hulle vrymoedig na elke publikasie aan ons deurgee om ons daartoe in staat te stel.

2.7 ’n Rubriek in elke uitgawe van die *Almanak* is die Ruit waaraan ’n groot aantal lidmate deelneem. Die Deputate bedank ds Hennie van Wyk wat hierdie rubriek behartig.

2.8 Die *Almanak* is jaarliks by die Partikuliere Sinodes afgelewer vir verdere verspreiding deur die onderskeie kerke. Die Deputate maak ook gebruik van posversendings vir verafgeleë bestemmings wat moeilik met padvervoer bereik kan word.

2.9 Die Deputate wil hulle dank uitspreek teenoor adverteerders wat in die *Almanak* adverteer om sodoende koste te beperk.

2.10 Die Deputate wil graag hulle dank uitspreek teenoor die personeel van die Administratiewe Buro en by name srs Wymie du Plessis, Petro Kroeze en Joey Fourie, sowel as broeder Hannes Vorster vir die insette wat hulle maak om elke jaar die *Almanak* die lig te laat sien.

2.11 Ons wil ook graag vir Angie Mphata en Anna Leeuw bedank vir hulle hulp om die versending van die *Almanak* moontlik te maak.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.11. Die Sinode bedank die Deputate vir die Uitgee van die Almanak, die personeel van die Administratiewe Buro (soos genoem in 2.10 en 2.11) asook alle ander medewerkers van die *Almanak* vir ‘n spog publikasie.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Die *Almanak* word weer uitgegee en ’n redaksie moet aangewys word (*Indien moontlik, moet die Redakteur een van Potchefstroom se predikante wees*) met die opdrag om:

Die *Almanak* met dagstukkies uit te gee.

Besluit: Goedgekeur.

4. Opdragte van Sinode aan die Deputate

Die lettergrootte wat vir die Dagstukkies gebruik word, in die toekoms groot genoeg sal wees om gemaklik deur ouer lesers gelees te word (die lettergrootte van 2007 se Almanak kan as riglyn gebruik word).

Die Deputate gee steeds aandag aan dagstukkies vir tieners en naskoolse jeug.

Die Deputate poog om die GPS koördinate by die straatadres van elke kerkgebou te gee.

Die Deputate in samewerking met die Deputate Korrespondensie van elke Klassis, besondere moeite doen om statistiese inligting van alle kerke jaarliks op te dateer.

’n Verteenwoordiger uit die kerke van die vorige Sinode Middellande en Klassis Capricorn by die Deputate vir die Uitgee van die Almanak gevoeg word om saam met die Deputate te besin oor hoe die *Almanak* vir lidmate van daardie kerke toeganklik gemaak kan word.

Besluit: Goedgekeur.

23.3 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE VIR CJBF, KERKORDE EN EVANGELISERINGSMEDIA (Artt 112, 236)

AAAAAAAA. Dr VE d'Assonville lewer die Rapport.

BBBBBBBB. 'n Eksemplaar van die Calvynkommentaar oor Romeine, vertaal deur prof F Postma, word aan die voorsitter, dr CJ Smit, deur dr GJ Meijer (voorsitter Deputate CJBF) oorhandig.

CCCCCCCC. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies en Media.

DDDDDDDD. Ds SP Venter rapporteer namens Kommissie Publikasies en Media.

EEEEEEEE. **RAPPORT**

1. Formeel

Opdrag

Vgl. Acta 2006:755-774.

Meer breedvoerige verwysing na die opdrag volg by die onderskeie onderafdelings hieronder (artt 2-4).

Samestelling en funksionering van die Deputate

Die Deputate het op 23 Februarie 2006 in Potchefstroom gekonstitueer.

Dr FW Leuschner (GK Wapadrant), wat deur die Sinode as skriba van die Deputate aangewys is, het per e-pos laat weet dat hy nie beskikbaar is vir die Deputaatskap nie. Die Deputate het daarvan kennis geneem en besluit om so aan die Sinode te rapporteer.

Omdat dit vir ds IW Ferreira (GK Rietvallei), wat genader is om in die plek van dr Leuschner te dien (met die oog op die Evangeliseringsmedia), nie moontlik was nie, is br JM Earle (GK Rietvallei) genader en het hy hom bereid verklaar.

Weens die feit dat dr Leuschner dus ook nie as skriba vir die Deputate beskikbaar was nie, is ds WJ Botha versoek om as skriba van die Deputate op te tree. Nadat lg op sy beurt weens omstandighede 'n aantal vergaderings nie kon bywoon nie, is dr VE d'Assonville op 12.10.2006 eers tydelik, maar sedert 20.09.2007 permanent as skriba van die Deputate aangewys.

Weens die waardevolle kundige advies wat prof DF du Plessis (GK Alkantrant) as kommunikasiewetenskaplike (UNISA) op deurlopende basis aan die Deputate gelewer het, wil die Deputate aanbeveel dat prof Du Plessis in die toekoms ook as een van die adviseurs van hierdie Deputate, benewens proff GJC Jordaan en CFC Coetzee, benoem sal word.

Die Deputate het gepoog om ongeveer elke kwartaal te vergader; vergaderings het volgens afspraak meestal in Potchefstroom, enkele kere in Pretoria en een maal in Boksburg plaasgevind. Daarbenewens het Kommissies van die Deputate na behoefte vergader om opdragte af te handel.

Fondse

Tydens elke vergadering is daar oor die stand van die onderskeie fondse gerapporteer.

Die finansiële state van die onderskeie fondse word ingesluit by die ander state wat deur die Administratiewe Buro bestuur word.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.3.2.

2. CALVYN-JUBILEUMBOEKEFONDS [CJBF]

Opdrag – vgl. Acta 2006:755-763,772-774; vgl. verder die Reglement van die CJBF (Acta 1982:226-227).

Die opdrag sluit in dat toekomstige publikasies binne die raamwerk van die doelstellings van die CJBF oorweeg, gekeur en uitgegee word.

Die redaksie, uitgee, druk en prysvasstelling van die 2000-Psalmboek se hersiene uitgawe vorm deel van die opdrag van hierdie Deputate.

Die beheer van boekevoorrade van die CJBF asook die beheer oor die CJBF- en Totiusfondse berus by hierdie Deputate; die administrasie daarvan word deur die Administratiewe Buro behartig.

Voorrade: CJBF

Vgl Aanvullende Rapport.

Individuele projekte van die CJBF in die termyn 2006-2009

Psalmboek

Publikasie van die 6de Hersiene Uitgawe van die Psalmboek (2000-Psalmboek)

Die teksgedeelte van die Psalmboek is deeglik hersien – druk- en ander teksfoute, waaronder ook toepaslike regstellings/korreksies aan die Kerkorde op grond van relevante Sinodebesluite, is aan die hand van die oorspronklik bronne/meester vasgestel en gekorrigeer.

Aandag is gegee aan die totale bladspieël – musieknotasie en melodieë ingesluit – omdat die 2000-Psalmboek nog nie vantevore vanaf die nuwe elektroniese meester gedruk is nie. Daarby is Geneefse melodieë wat met vroeëre uitgawes uitgeval het, weer ingevoeg. (Vgl. die Aanvullende Rapport oor die afhandeling van hierdie redaksionele werksaamhede.)

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.1.1.2.

Met die uitsondering van die finalisering van die musieknotasie wat deur prof Colin Campbell in opdrag van Lux Verbi gedoen word, is die meester van hierdie publikasie reeds afgehandel. Die oogmerk is dat die druk so spoedig moontlik sal plaasvind, veral weens die hoë aanvraag vir die Psalmboek. (Vgl. die Aanvullende Rapport.)

2003-Psalmboek

Ofskoon hierdie Deputate nie verantwoordelik was vir die uitgee van die 2003-Psalmboek nie, is vasgestel dat daar tydens hierdie termyn nog genoeg voorraad van die 2003-Psalmboek beskikbaar is.

Die hersiene meester vir die 2000-Psalmboek sal in die toekoms ook as meester vir die gemeenskaplike dele van die 2003-Psalmboek geld.

Grootdruk Psalmboek (2000-Psalmboek)

Aan die aanvraag vir Grootdruk Psalmboeke (2000-Psalmboek), soos vasgestel deur hierdie Deputate, word aandag gegee sodra die redaksionele hersiening van die 2000-Psalmboek afgehandel is. (Vgl. die Aanvullende Rapport.)

Elektroniese weergawe van die Psalmboek vir gebruik in kerke

Na aanleiding van 'n behoefte wat deur 'n gemeente in 'n navraag gestel is, naamlik 'n versoek dat musieknote/ notebalke vir elektroniese gebruik saam met die Psalmteks beskikbaar gestel moet word, is verskillende aspekte daarvan deur die Deputate hanteer. Grondliggend hieraan is die oordeel van die Deputate dat die CJBF sowel die elektroniese asook die gedrukte media meer moet ontgin.

Motivering: Die tegnologiese ontwikkeling het moontlik tot gevolg dat lidmate Psalmboeke nie meer optimaal benut nie; kennis van onder andere die belydenisskrifte gaan tot niet. Hiermee hang die relatiewe nuwe verskynsel van 'n elektroniese weergawe van die Psalmboek saam sowel as die vraag hoe om 'n leeskultuur onder lidmate te bevorder. Sonder dat daar veralgemeen word, bestaan die indruk dat sommige lidmate nie eintlik meer lees of nie genoeg lees nie.

Die Deputate het daarom ondersoek gedoen oor die beskikbaarstelling van 'n werkbare, professionele elektroniese weergawe van die Psalmboek vir gebruik in gemeentes, veral wat die byvoeging van musieknotasie betref.

Aan gemeentes moet riglyne gebied word oor moontlikhede in hierdie opsig.

Nogtans moet die persoonlike besit van Psalmboeke deur elke lidmaat, ook ter wille van die res van die inhoud (Belydenisse, Formuliere ens) en vir huissamesang (huisgodsdiens) sowel as die benutting daarvan met Kategismuspreke (KO, art 68) aangemoedig en bevorder word.

Bepaalde riglyne is reeds vasgestel en ook bepaalde stappe in die proses om hierdie saak te ondersoek (bv. gesprekke met betrokke uitgewers en/of ander kerkgroeperinge wat dalk ook geïnteresseerd sal wees), is reeds getref. Die volledige saak is egter nie afgehandel nie, daarom beveel die Deputate aan dat Sinode 2009 hierdie saak as opdrag vir die volgende Deputate laat kontinueer, met inagname van betrokke finansiële en juridiese aspekte sowel as van die werk wat reeds in hierdie verband gedoen is. (Vgl. ook die Aanvullende Rapport.)

Numering/rubrisering van Skrifberymings. Die vraag het na vore gekom, hoe die verskil in die 2003-Psalmboek se numerering van Skrifberymings (w.o. die rubrisering daarvan) met dié van die 2000-Psalmboek aangespreek sal word. Die Deputate het vasgestel dat die Sinode reeds daaroor gehandel het (vgl. Sinodebesluite, Handelinge 2003:668, 3.2.2; Handelinge 2006:609-610, 4.1.3; vgl. ook hierdie Deputate se Notule 28-02-2008, 7.1.4.2.2.2.2) – die bestaande besluit van 2003 geld dus (vgl. veral Handelinge 2003:668, 3.2.2.2), naamlik: "Dat die huidige numerering van Skrifberymings behou word en nuwe berymings aan die einde bygevoeg word."

Ter wille daarvan dat die verwarring tussen die twee stelle nommers van Skrifberymings tans in gebruik nogtans so sinvol as moontlik aangespreek kan word, het die Deputate besluit om 'n indeks beskikbaar te stel met kruisverwysings na beide stelle nommers (2000-Psalmboek en 2003-Psalmboek) in beide rigtings. Hierdie indeks gaan in die vorm van 'n gelamineerde boekmerkie saamgestel word, wat saam met alle nuwe Psalmboeke wat verkoop word, maar ook afsonderlik by die Administratiewe Buro beskikbaar sal wees. Die boekmerkie sal die grootte van 'n Psalmboek wees om mooi daarin te pas. (Vgl. die Aanvullende Rapport.)

Die Deputate wil die gebruik van die Psalmboeke deur kategete en katkisante in die onderrig en toeëiening van die Belydenisskrifte aanmoedig. Dit hou in dat aandag gegee moet word aan die moontlikheid dat katkisante, bo en behalwe die normale kurrikulum wat gevolg moet word, ook weer (meer) Psalms en Skrifberymings uit die hoof sal leer, asook dat die Belydenisskrifte vanuit die Psalmboeke onderrig sal word. Hierdie saak word ook as aanbeveling aan die Sinode deurgegee. In hierdie verband is met die Katkisasiedeputate gekorrespondeer en is hulle versoek om dit op te volg. Hulle het onderneem om dit aan die volgende Katkisasiedeputate wat benoem sal word, deur te gee. Hulle is ook versoek om dit in hulle Aanvullende Rapport op te neem.

In aansluiting by die vorige punt (2.3.1.4.4) het die vraag ontstaan of daar nie meer materiaal is wat elektronies aan lidmate deurgegee kan word nie, bv. katkisasiehandleidings ens. Omdat nie alle lidmate oor rekenaars beskik nie, is hierdie saak tipies iets wat gelyklopend met die konvensionele verspreiding van tekste/materiaal kan plaasvind.

In die lig van bostaande is daar verder 'n ondersoek ingestel oor die moontlikheid van 'n selfoondiens met Bybel- en Psalmboektekste. Op grond van hierdie ondersoek oordeel die Deputate dat 'n volhoubare projek van hierdie aard met die tegnologie wat voortdurend verander, nie koste-effektief gaan wees nie. Daar is dus afgestap van hierdie saak.

Besluit: Kennis geneem van 2.3.1.1.3 tot 2.3.1.4.6.

Institusie van Calvyn in Afrikaans

1559-*Institusie* – Simpsonvertaling

In die uitvoering van die opdrag om die Afrikaanse vertaling van die 1559-Calvyn *Institusie* deur wyle prof HW Simpson weer te publiseer (Acta Sinode 2006:762, 2.10.4), is verskillende stappe deur die Deputate geneem.

Die Deputate het besluit dat die *Institusie* in gedrukte sowel as elektroniese formaat uitgegee sal word.

Vir die finale samestelling van die indeks wat saam met die vertaling gepubliseer gaan word, word dankbaar gebruik gemaak van die kostelike werk wat wyle br Enne

Nieuwenhuis (GK Kandelaar) reeds gedoen het in die voorbereiding van ’n onderwerps-/tema-indeks.

Verskillende kwotasies is verkry vir die publikasie en ook die moontlikheid van samewerking met ’n kommersiële uitgewershuis is ondersoek.

Die Deputate het besluit om die *Institusie* saam met die *Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies* uit te gee. Laasgenoemde stel sy infrastruktuur en kundigheid beskikbaar en aanvaar verantwoordelikheid vir die redaksionele werk aan die uitgawe (w.o. die indeks).

’n Bedrag van R150 000 uit die CJBF-fonds is reeds geoormerk vir die publikasie van die *Institusie*.

Met die heruitgee van die *Institusie* sal met die Simpson-familie ’n kontrak gesluit word waarin die tantieme-reëlings getref word.

Die Deputate het die aanbod van die familie van wyle prof Simpson se volle ondersteuning in hierdie projek dankbaar aangeneem.

Ná die verkryging van die elektroniese weergawe van die *Institusie* deur die bemiddeling van br Werner Simpson, is met lg. se hulp ook ’n firma in die VSA opgespoor wat in staat is om die destydse *XYWrite*-formaat in ’n huidige hanteerbare woordverwerkingsformaat (bv. *MSWord*) om te sit. Daar het egter nuwe tegniese probleme opgeduik wat by die opstel van hierdie Rapport nog gehanteer word. In die Aanvullende Rapport sal verder gerapporteer word.

Die teikendatum vir die publikasie van die *Institusie* se Simpson/vertaling word is 2009, om saam te val met die 500-jarige herdenking van Calvyn se geboortejaar en die 100-jarige bestaan van die CJBF.

Besluit: Kennis geneem van 2.3.2 tot 2.3.2.1.10. Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor die Simpson-familie wat toestemming gegee het om die Afrikaanse uitgawe van die Institusie weer uit te gee.

Afrikaanse verkorte weergawe van die *Institusie* – Duvenage/LJ du Plessis-uitgawe

Weens die aanvraag vir hierdie Afrikaanse uitgawe van die verkorte *Institusie* het die Deputate die manuskrip weer laat oortik met die oog op die publikasie daarvan. Die aanvanklike poging om die vorige druk in te skandeer, is weens tegniese redes laat vaar.

Ná oorweging van verskillende moontlikhede het die Deputate verder besluit om aan ’n taalkundige die opdrag te gee vir die taalkundige verwerking van die manuskrip ter wille van die eietydse leser.

’n Voorwoord vir die nuwe uitgawe is geskryf en ten tyde van die opstel van hierdie Rapport is die uitgawe in die finale proses om gereed gemaak te word vir publikasie. (Vgl. die Aanvullende Rapport.)

’n Aansoek om toestemming vir die elektroniese publikasie van hierdie *Institusie*-weergawe op ’n musiek-CD is goedgekeur, maar sal eers tot uitvoering gebring word ná die afhandeling van die taalkundige verwerking van die manuskrip.

Besluit: Kennis geneem van 2.3.2.2.1 tot 2.3.2.2.4.

The Dawn of a New Light – Life Story of John Calvin deur Jansie van der Walt

Hierdie Engelse vertaling deur Jansie van der Walt van haar Afrikaanse historiese roman, *Johannes Calvyn – ’n Jeugroman* (1981 gepubliseer deur die CJBF), is in 2008 met ’n eerste oplaag van 500 eksemplare deur die CJBF uitgegee. ’n Ooreenkoms is met die skryfster gesluit, waarvolgens sy die gebruiklike tantieme sowel as ’n aantal persoonlike eksemplare ontvang.

Omdat die Afrikaanse weergawe van hierdie roman uitverkoop is, het die CJBF besluit om ook dit weer uit te gee – hierdie proses is ten tye van die skryf van hierdie Rapport nog aan die gang. Die manuskrip is reeds getik. (Kyk Aanvullende Rapport.)

Die Woord voor die ja-woord, Afrikaanse vertaling van ds E Brink se boek, *Het Woord vooraf*

Die CJBF het besluit om *Die Woord voor die ja-woord*, Afrikaanse vertaling van ds E Brink (Nederland) se boek *Het Woord vooraf*, te publiseer. Hierdie boek is al in verskillende tale vertaal en positief in die gereformeerde wêreld ontvang. Dit word veral op drie teikengroepe gerig: 1) Belydeniskatkisante; 2) volwasse kategese/onderrig; 3) vir selflees deur lidmate met die oog op geloofsverryking en groei in geloofskennis.

Met die ruim hulp deur predikante en lidmate van die VGKSA (Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) is die manuskrip van die Afrikaanse vertaling van hierdie wêreldwyd gewaardeerde boek sodanig voorberei, dat die proses om dit deur die CJBF te laat uitgee in sy finale fase is. (Kyk Aanvullende Rapport.)

Preekbundel deur die 1982-jaargroep van die finale-jaarstudente aan die TSP (*Spreek met aandag en ontsag* – onder redaksie van prof GJC Jordaan)

'n Oplaag van 600 is gedruk en uitgegee. 'n Ooreenkoms is met die redaksie gesluit, waarvolgens die aantal persoonlike eksemplare aan die skrywers vasgestel is.

So bely en leef ons, publikasie met dagstukkies oor Belydenisskrifte, oorspronklik gepubliseer in die 2005-Almanak

Op aanvraag – weens positiewe terugvoering oor die dagstukkies – en op versoek van die Deputate Almanak het die CJBF besluit om die dagstukkies oor die Belydenisskrifte, wat oorspronklik in die 2005-Almanak verskyn het, as afsonderlike publikasie uit te gee.

'n Gepaste titel (*So bely en leef ons*) is gekies, 'n voorwoord is laat skryf en die nodige redaksionele werk is vir die voorbereiding van die publikasie gedoen.

Ten tye van die skrywe van die Rapport word die moontlikheid nog ondersoek dat die Deputate Almanak fondse beskikbaar stel vir die publikasie. (Vgl. Aanvullende Rapport.)

Projek "Leer my Heer" om die sing van Psalms en die Geneefse melodieë, veral onder kinders te bevorder

'n Voorlegging van sr H Weyers is aanvaar vir 'n loodsprojek om deur middel van 'n DVD en met gebruikmaking van karaoke-tegnieke die sing van Psalms en die Geneefse melodieë te bevorder, veral onder kinders.

In hierdie projek geniet veral pedagogiese maar ook musikologiese beginsels voorkeur.

'n Professionele musikus is as projekleier gevind; die uitvoering van die projek word deurentyd deur kundige adviseurs begelei.

Omdat die projek die Psalmsang bevorder, word dit uit die Totiusfonds gefinansier. 'n Bedrag van R100 000 vir die loodsprojek is reeds goedgekeur. Verdere aanbevelings deur die projekleier word ná die eerste fase van die projek ingewag – vgl. 2.3.7.6 hieronder. (Vgl. die Aanvullende Rapport.)

Die projek word in ooreenstemming met die redaksionele werk wat aan die Psalmboek gedoen word, uitgevoer, sodat daar nie diskrepansie tussen die musieknotasie in die Psalmboek en die uitvoering van die Psalms in die projek sal wees nie.

Ten tye van die skryf van die Rapport is die eerste fase van die projek nog aan die gang. (Vgl. die Aanvullende Rapport.)

Publikasie van die Afrikaanse vertaling van *Calvyn* se *Kommentaar op Romeine*

Die CJBF het 'n aanbod van die IKRS (*Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies*) aanvaar om as mede-uitgewer van die Afrikaanse vertaling van Calvyn se Romeinekommentaar deur prof S (Fanus) Postma op te tree.

Die betrokkenheid van die CJBF by hierdie projek is direk ooreenkomstig die doelstellings van die CJBF.

'n Kontrak waarin die onderskeie aspekte in hierdie uitgewersamewerking tot uitdrukking kom, is opgestel en met die IKRS gesluit.

'n Eerste oplaag van 1000 eksemplare is gedruk, waarvan die CJBF die helfte vanuit die Admin Buro sal bemark.

Besluit: Kennis geneem van 2.3.3 tot 2.3.8.4.

Verdere beoogde projekte

Die volgende projekte is tans nog in die proses van keuring of afronding met die oog op die keuringsproses:

’n Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls.

’n Publikasie oor die geskiedenis van GKSA-gemeentes en hulle kerkgebou

Besluit: Kennis geneem van 2.4 tot 2.4.2.

Elektroniese publikasies

Die Deputate het besluit op die volgende riglyne vir die elektroniese produksie van CJBF-publikasies/-manuskripte/-tekste:

Tekste wat aangebied word of hulle aandien om (uitsluitend) elektronies versprei te word, gaan deur die normale keuringsproses wat vir gewone publikasies geld.

Die Deputate moet rekening hou met die feit dat die elektroniese beskikbaarstelling van bestaande en toekomstige manuskripte moontlik ’n invloed mag hê op die verkope van die harde kopie (gedrukte publikasies).

Gedrukte publikasies moet ná ’n periode of andersins sodra daar ’n behoefte bestaan, elektronies beskikbaar gestel word.

Oor die sagteware-formaat waarin goedgekeurde manuskripte gepubliseer word, sal telkens ad hoc geoordeel word.

Publikasies kan ook op laserskyf gestoor en versprei word. Die koste vir hierdie medium sal dan soortgelyk aan die heersende mark wees

Besluit: Kennis geneem van 2.5.1 tot 2.5.1.5.

Die Deputate beveel by die Sinode aan dat personeel en ander hulpmiddels beskikbaar gestel word om hierdie en moontlike ander projekte vanaf die Administratiewe Buro te hanteer. Samewerking met die Internet-deputate van die GKSA word uiteraard geïmpliseer.

Besluit: Kennis geneem. Die Sinode beveel aan dat die Deputate CJBF en Deputate Internet met die Bestuur van die Administratiewe Buro oor die behoefte aan hulp sal konsulteer.

Die Deputate het besluit om ’n drukker te koop word waarop die etikette direk op laserskyf gedruk kan word. Die drukker sal by die Administratiewe Buro vir die bestellings en verspreiding van die elektroniese publikasies tot beskikking wees.

’n Versoek dat *Die Gesonde Leer* deur prof PJ de Bruyn, wat destyds deur die CJBF uitgegee is, elektronies op *E-Sword* beskikbaar gestel word, is goedgekeur.

Besluit: Kennis geneem van 2.5.3 en 2.5.4.

Bemarking

Met ’n plakkaat wat aan gemeentes gestuur is, is CJBF-publikasies bemark.

Gedurende die afgelope termyn is breedvoerig aandag aan die vraag oor bemarking geskenk. Verskillende besluite is in hierdie verband geneem, wat ten tye van die skrywe van hierdie Rapport nog tot uitvoering gebring moet word.

Daar is besluit dat alle CJBF-publikasies en -projekte bekend gestel moet word in soveel as moontlik kerklike en teologiese tydskrifte binnelands sowel as buitelands (bv. Nederland).

Die Deputate het kennis geneem van die moontlike realisering van ’n aanbeveling deur die Deputate Kerklike Tydskrifte, dat daar ’n persoon sal wees wat alle kerklike publikasies bemark; vanaf hierdie Deputate se kant word hierdie saak ook aan die Sinode aanbeveel.

Die nuwe CJBF-publikasies gaan in die gemeentes en elders bekendgestel word. Hierdie publikasies word verbind aan verskillende jubileumgeleenthede in 2009 (die 500-jarige herdenking van Calvyn se geboortejaar, die 150-jarige herdenking van die GKSA asook die 100-jarige bestaan van die CJBF) en word as CJBF-bydraes tot hierdie jubileumgeleenthede bemark:

(a) die heruitgawe van die Afrikaanse (Simpson-)vertaling van Calvyn se 1559-*Institusie*;

(b) die heruitgawe van die Duvenage/LJ du Plessis-vertaling/-opsomming van Calvyn se *Institusie*;

(c) die CD/DVD-projek met Geneefse melodieë (in aansluiting by 1509; 1859; 1909) – *Totiusfonds*;

(d) die publikasie van die Engelse vertaling van Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn;

(e) die heruitgawe van die Afrikaanse weergawe van Jansie van der Walt se historiese roman oor Calvyn;
(f) 'n gesamentlike publikasie (saam met die *Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies*) van die eerste Afrikaanse uitgawe van Calvyn se Romeinekommentaar;
(g) die publikasie van die Afrikaanse vertaling van ds E Brink se boek vir volwasse kategese (*Die Woord voor die ja-woord*);
(h) 'n beoogde historiese publikasie oor die geskiedenis van GKSA-gemeentes en hulle kerkgeboue;
(i) 'n beoogde publikasie oor die Dordtse Leerreëls.

Preekbundels

Riglyne vir preke is vereenvoudig en word aan kerkrade uitgestuur, met die oog op die indiening van preekbundels vir publikasie

Ander aansoeke

Twee manuskripte wat vir oorweging ingedien is, het volgens keurders en die Deputate nie ingepas in die mark waarop die CJBF fokus of binne die raamwerk en doelstellings van die CJBF nie, en is dus nie vir publikasie aanvaar nie.

'n Ander manuskrip wat aanvanklik in die Administratiewe Buro beskikbaar sou wees op aanvraag, is deur die samesteller weer teruggetrek.

Besluit: Kennis geneem van 2.6 tot 2.8.

3. KERKORDE

Opdrag – vgl. Acta 2006:763-765,771,772,774

Engelse vertaling van die KO met Bylaes

Die taak is afgehandel, behalwe vir geringe redigeringswerk wat nog gedoen word.

Vir die finalisering en finale publikasie van die Bylaes moet gewag word tot 2009 se Sinode, omdat daar oor sekere sake uitsluitsel gekry moet word.

Die weergawe van die Engelse vertaling wat in 2008 op die GKSA-webwerf beskikbaar gemaak is, moet nog geredigeer word.

Verklarende woordelys by die Kerkorde

Daar moet met die finale afhandeling en publikasie van die Afrikaanse "Verklarende woordelys" tot 2009 se Sinode gewag word.

Daar moet met die finale afhandeling en publikasie van die verklarende woordelys tot die Engelse KO eweneens gewag word tot ná 2009 se Sinode.

Wysigings aan die Kerkorde

<u>Publikasie van veranderinge aan die Kerkorde</u>

Weens verskillende aspekte waaroor nog uitsluitsel verkry moet word, moet daar met die publikasie van die veranderinge aan die Kerkorde ook gewag word tot tot ná 2009 se Sinode.

Die Handelinge Sinode 2006 is nagegaan om vas te stel watter besluite almal op die redigering van die Kerkorde enige betrekking het.

Kennisgewing aan kerke: Aan die kerke is 'n brief oor die wysigings in die KO asook oor die publikasie van wysigings uitgestuur.

Indeksering van Sinodebesluite

Saak kontinueer in oorleg met TSP.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.5.

Kontinuering van redaksionele werk aan die Kerkorde

Die volgende Deputate (2009) moet opdrag ontvang om die werk aan 3.2-3.5 (hierbo) te kontinueer.

Besluit: Kennis geneem. Die Sinode gee aan die Deputate opdrag om die werk te kontinueer.

4. EVANGELISERINGSMEDIA

Opdrag – vgl Acta 2006:765-772,774

Meesterlêer

By die gebrek aan 'n meesterlêer (harde kopie/elektroniese kopie) waarin alle dokumente/ publikasies vir evangelisering met 'n omvattende indeks vervat is, het die Deputate ondersoek ingestel na die skep van 'n webwerf wat as meesterlêer dien asook na die skryf van CD's en/of DVD's indien nodig om dit by die Administratiewe Buro te stoor. In hierdie ondersoek is aandag gegee aan die ontwerp van 'n webwerf, die aanstel van 'n webmeester wat alle lektuur en gegewens met betrekking tot die CJBF, evangelisasie en hospitaallektuur op die webwerf laai en instandhou, asook 'n maandelikse toelae om die webwerf in stand te hou vir die sistematiese ontsluiting van publikasies.

'n Webwerf vir die Deputate Publikasies is in hierdie verband ontwerp. Onder meer sal dit 'n sesmaandelikse omvattende indeks aan Kerkrade insluit, asook die beskikbaarstelling van nuwe literatuur, die benutting van die Internet as verspreidingsnetwerk en die toeganklikheid tot sulke literatuur deur middel van CD's en/of ander elektroniese hulpmiddels. Hierdie ontwerpte webwerf is by www.gksa.org.za/cjbf en sal gereeld op datum gehou word.

Ds Hennie van Wyk het hulp gebied met die tegniese aspekte hierin.

Op die webwerf is 'n toepaslike skakel na die *Quo Vadis*-uitgawes (sien 4.3 hieronder) aangebring, asook skakels na 'n oorsig oor die ontstaan en geskiedenis van die CJBF, die Kerkorde in Afrikaans en Engels, die Keuringsreglement vir Evangelisasielektuur, evangelisasiemedia; hospitaallektuur; *Quo Vadis*-uitgawes, ander literatuur, kontakmoontlikhede met die deputate met die nodige telefoonnommers, ens.

Ten opsigte van die bemarking van bg. materiaal word geoordeel om gegewens gereeld per e-pos aan die kerke deur te gee. Dit gaan oor die benutting van die Internet as verspreidingsnetwerk: Deur die webwerf lewendig te hou, kan literatuur voortdurend elektronies beskikbaar gestel word.

Sodra die Deputate die webwerf goedgekeur het, sal die verbinding met GKSA-webwerf geskep word.

Daar word aandag gegee aan verbindingskakels met die webwerwe van buitelandse kerke.

Daar is besluit dat die webmeester se honorarium uit die Evangeliseringsmediafonds betaal sal word. Die Deputate moet hierdie honorarium nog vasstel ná 'n beoordeling van die werk wat reeds gedoen is.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.2.8. Kerke se aandag word gevestig op die groot aantal Evangeliseringsmateriaal op die Webwerf beskikbaar. Besoek – www.gksa.org.za/cjbf

Quo Vadis

'n Ondersoek is gedoen na die moontlikhede van die ontginning en ontsluiting van vroeëre *Quo Vadis*-uitgawes.

In die Deputate se werk aan hierdie saak is gebruikgemaak van die indeks van *Quo Vadis*-uitgawes wat op die databasis van die Noord-Wes Universiteit is.

'n Aantal *Quo Vadis*-uitgawes is reeds ingeskandeer; daar word op 'n weeklikse basis gewerk aan die inskandering van die oorblywende uitgawes met die gepaardgaande plasing daarvan op die webwerf. Die vrywillige hulp van br W Swanepoel (GK Wilropark) in hierdie verband is onontbeerlik.

Reeds ingeskandeerde *Quo Vadis*-uitgawes wat in pdf-formaat toeganklik is, word nog deur die Deputate beoordeel (kyk Aanvullende Rapport).

'n Toepaslike skakel is na die reeds ingeskandeerde *Quo Vadis*-uitgawes op die webwerf geskep (kyk 4.2.4 hierbo). Hier moet die hulp van ds Hennie van Wyk vermeld word.

'n Besluit moet nog geneem word oor die identifisering en herwinning van beskadigde en ontbrekende eksemplare wat nie ingeskandeer kan word nie (vgl Aanvullende Rapport).

Besluit: Kennis geneem van 4.3.1 tot 4.3.6. Die Sinode spreek sy dank uit teenoor br W Swanepoel (GK Wilropark) vir sy hulp met die plasing van die *Quo Vadis* op die webwerf.

Rendre Compte de l'Espérance (deur ds E Kayayan)

Die Deputate het besluit om die publikasie van *Rendre Compte de l'Espérance* (*Om Rekenskap van die Hoop te Gee*) – gemik op die Franssprekende mark – deur ds E Kayayan, GK Rietvallei, finansieel vanuit die Evangeliseringsmediafonds te ondersteun.

Die publikasie is vir die Franse mark bedoel, met die afgelope klompie jaar van ds Kayayan se sendingaktiwiteite in Franssprekende Afrika asook in Frankryk, Kanada e.v. wat daarin neerslag vind.

'n Aantal eksemplare van hierdie boek sal by die Administratiewe Buro te koop beskikbaar wees. Erkenning word in die boek se voorwoord aan die Deputate gegee vir hierdie ondersteuning.

Besluit: Kennis geneem van 4.4.1 tot 4.4.3.

Brood vir die lewe

Vertaling in Engels

Die Engelse vertaling van *Brood vir die lewe* deur br Van Emmenis (GK Randburg) is afgehandel.

Dit is by die Administratiewe Buro op aanvraag in ringbandformaat beskikbaar.

Vertaling in Setswana

Die vertaling deur prof Nols Swanepoel van *Brood vir die lewe* in Setswana is ook afgehandel.

Dit is ook op aanvraag by die Administratiewe Buro in ringbandformaat beskikbaar.

Besluit: Kennis geneem van 4.5.1 tot 4.5.2.2.

5. Aanbevelings

In die lig daarvan dat heelwat sake nog in 'n proses van behandeling is, word die aanbevelings in die Aanvullende Rapport gehanteer.

Besluit: Kennis geneem.

FFFFFFFF. **AANVULLENDE RAPPORT**

1. Formeel

Aanvullende Rapport

In aansluiting by bepaalde sake wat nog nie afgehandel was of afgehandel kon wees met die aanbied van die Rapport nie, word hierdie Aanvullende Rapport ingedien. Dit is dus slegs aanvullend tot die Rapport en moet saam met die Rapport gelees word, nie as selfstandige Rapport nie. Tydens die Sinode self kan verdere toeligting oor bepaalde sake wat nog in 'n proses van hantering is gegee word.

Fondse

Daar word bevestig dat die finansiële state van die onderskeie fondse van die Deputate Publikasies, ingesluit by die verslag van ander state wat deur die Administratiewe Buro bestuur word (vgl. Rapport, 1.3.2), ook saam met die Administratiewe Buro se finansiële verslag hanteer sal word.

Daar is tans meer potensiële publikasies wat ooreenkomstig die doelstellings van die CJBF meriete het om gepubliseer te kan word, as waarvoor die CJBF fondse beskikbaar het. Kommer is geopper oor die vraag waar die CJBF vorentoe genoegsame fondse sal verkry om die gewaardeerde en onontbeerlike werk van die afgelope 100 jaar voort te kan sit.

In die lig van 1.2.2 word aanbeveel dat die taak aan die te benoeme Deputate opgedra word om 'n strategie/plan te ontwerp en te implementeer waarvolgens fondse vir die CJBF (al drie fondse by

Deputate Publikasies) gegenereer kan word, sodat verdere projekte wat meriete het, aangepak en afgehandel kan word.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.2.3.

2. CALVYN-JUBILEUMBOEKEFONDS (CJBF)

Voorrade: CJBF

Br Hannes Vorster van die Administratiewe Buro sal die stand van voorrade tydens die Sinode beskikbaar hê.

Besluit: Kennis geneem.

Individuele projekte van die CJBF in die termyn 2006-2009

Psalmboek: Publikasie van die 6de Hersiene Uitgawe van die Psalmboek

In aansluiting by die Rapport (2.3.1.1) kan hier rapporteer word dat die redaksionele werk aan die Psalmboek (nuwe redaksionele hersiening van die 2000-Psalmboek) voltooiing nader; die wiele is aan die rol vir die druk daarvan. Die Deputate is onder die indruk van die dringende navraag vir die Psalmboek. Die onvoorsiene oponthoude wat met die finale setwerk van die musieknotasie en met die beskikbaarheid van papier vir die druk daarvan opgeduik het, kon deur die Deputate aangespreek word. Die papier is bestel en betaal en na alle verwagting sal die Psalmboek in die eerste kwartaal van 2009 beskikbaar wees. Daar kan met dankbaarheid daarvan kennis geneem word dat die uitgee van die Psalmboek hom dus in die finale fase bevind. (Vgl. die briewe deur die voorsitter van die Deputate wat in Mei en November 2008 aan die kerke gestuur is.)

Elektroniese weergawe van die Psalmboek vir gebruik in kerke (vgl. Rapport 2.3.1.4)

In aansluiting by die aanbeveling van die Rapport (2.3.1.4.1.4) dat Sinode 2009 hierdie saak as opdrag vir die volgende Deputate laat kontinueer, met inagname van betrokke finansiële en juridiese aspekte sowel as van die werk wat reeds in hierdie verband gedoen is, word die volgende aanvullende aanbevelings gemaak:

Besluit: Kennis geneem van 2.2.1 tot 2.2.2.1.

In plaas daarvan om verder met ’n nuwe projek vir ’n elektroniese weergawe van die Psalmboek vir gebruik in die kerke voort te gaan en in die lig van ondersoeke in hierdie verband (vgl. Notule 11-09-2008, 7.1.5.3.1) beveel die Deputate aan dat die volgende Deputate die bestaande CD met elektroniese Psalmboek deur die Administratiewe Buro laat standaardiseer en wel op die volgende wyse:

- deur die CD by die oorspronklike samesteller te verkry
- om dit aan die hand van die nuwe redaksiewerk aan die Psalmboek te kontroleer en aan die kerke beskikbaar te stel.

In die lig van die mededeling dat die APK in hulle gebruik van die Psalms wysigings aan die teks van die berymde Psalms (1937) sou aangebring het (vgl. Notule 11-09-2008, 7.1.5.3.1.4), word aanbeveel dat inligting ingewin word oor die omvang en aard ens, daarvan met die moontlikheid om die saak vir advies na die Regsdeputate te verwys.

Besluit: Goedgekeur.

Die indeks met kruisverwysings na beide stelle nommers van die Skrifberymings (die een stel soos in die 2000-Psalmboek en ooreenkomstig die Sinodebesluite en die ander stel soos in die

bestaande 2003-Psalmboek) in die vorm van ’n boekmerkie word gehanteer sodra die publikasie van die 6de Hersiene Uitgawe van die Psalmboek afgehandel is (kyk 2.2.1 hierbo).

Besluit: Kennis geneem. Kyk ook besluit by Deputate Liturgiese Sake [22.1].

1559-Institusie van Calvyn in Afrikaans – Simpsonvertaling

Ná die indien van die Rapport en ná die laaste vergadering van die Deputate is daar opnuut – met nuwe tegniese inligting tot ons beskikking – indringend ondersoek ingestel oor moontlikhede waarop die meester van die eerste uitgawe van die Afrikaanse vertaling (Simpson-vertaling) van Calvyn se *Institusie* elektronies herwin kan word (vgl. Rapport 2.3.2.1.9). In hierdie verband was brs Willem Swanepoel en Werner Simpson met hulle tegniese kennis baie behulpsaam en ’n weg is gevind waarop die meester wel elektronies beskikbaar gemaak kan word. Enkele aspekte is nog hangende – ’n voorlopige afspraak is vir Januarie 2009 gemaak om die laaste struikelblokke uit die weg te ruim sodat die werk aan die meester vir die heruitgawe van die Simpsonvertaling van die 1559-*Institusie* onmiddellik voortgesit kan word. Die teikendatum vir hierdie projek, wat gesamentlik met die IKRS (*Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies*) aangepak word, is steeds 2009 om met die Calvynjaar saam te val.

Met die inligting wat op 11-09-2008 tot die Deputate se beskikking was, is besluit dat 1000 eksemplare in sagteband gedruk sal word (vgl. Notule 11-09-2008, 7.3.1.1.1).

Ter wille van finansiële ondersteuning het die Deputate besluit om vennote te soek vir die uitgawe van die *Institusie*. ’n Kommissie is hiervoor in die lewe geroep. ’n Teiken van R120 000 (addisioneel tot die R150 000 uit die CJBF-fonds wat reeds toegeken is) is gestel. Aanvullende mondelinge toeligting kan tydens die Sinode gebied word.

Afrikaanse verkorte weergawe van die *Institusie* – Duvenage/LJ du Plessis-uitgawe

Die taalkundige verwerking van die manuskrip vir die heruitgawe daarvan is afgehandel. Finale tegniese aspekte geniet nog aandag, maar die manuskrip bevind hom reeds in die laaste fase van die proses van heruitgawe. Addisionele toeligting kan tydens die Sinode gegee word.

Die Woord voor die ja-woord, Afrikaanse vertaling van ds E Brink se boek, *Het Woord vooraf*

Die publikasie van *Die Woord voor die ja-woord*, Afrikaanse vertaling van ds E Brink (Nederland) se boek *Het Woord vooraf*, is nog nie afgehandel nie, maar bevind hom wel tans in ’n gevorderde stadium. Addisionele toeligting kan tydens die Sinode gegee word. (Die kostes vir die uitgee van hierdie publikasie word deur die Evangeliseringsmediafonds gedra.)

So bely en leef ons, publikasie met dagstukkies oor Belydenisskrifte, oorspronklik gepubliseer in die 2005-Almanak

Aanvullend by die Rapport (vgl. 2.3.6) kan gerapporteer word dat hierdie publikasie afgehandel is.

Met waardering kan gerapporteer word dat die Deputate Almanak fondse vir hierdie publikasie beskikbaar gestel het – ’n besondere ondersteuning waarvoor hulle skriftelik bedank is.

’n Oplaag van 1450 eksemplare is gedruk. Die kleinhandelprys vir die publikasie is R80; die prys aan verskaffers R60 (teen ’n drukkoste van ongeveer R40 en tantieme van R7.50 – 12,5% van R60 – per boek).

Die opbrengste uit die verkoop van hierdie publikasie word aanvanklik in die CJBF se rekening inbetaal.

Aan die te benoemde Deputate word die opdrag gegee om oor die aanwending van hierdie bedrag te besin. Die moontlikheid dat dit aan die Dankbaarheidsfonds oorbetaal kan word, kan oorweeg word.

"Leer my Heer" – Projek om die sing van Psalms en die Geneefse melodieë, veral onder kinders, te bevorder (vgl. Rapport, 2.3.7)

Die eerste fase, waaronder die opnames van die eerste Psalms, is met welslae afgehandel.

Daar is van die kant van die Deputate met die produsente samesprekings gehou oor bepaalde aspekte. Volgens die vooruitsigte behoort hierdie projek in die loop van 2009 afgehandel en die produk – waarna met mooi verwagting uitgesien word – dan bemarkbaar te wees.

Calvyn se *Kommentaar op Romeine* – Afrikaanse vertaling (vgl Rapport 2.3.8)

Suksesvolle boekbekendstellings is in samewerking met die mede-uitgewer, die IKRS (*Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies*) in Bloemfontein (3 September 2008 tydens die SA Calvynkongres), Potchefstroom (11 September 2008) en Pretoria (7 Oktober 2008) gehou, waartydens die vertaler, prof Fanus Postma, vir sy reuse werk bedank is, so ook internasionale en Suid-Afrikaanse Calvynnavorsers wie se werk direk/indirek as stimulus gedien het vir die aanpak van hierdie projek. Die familie van wyle prof HW Simpson, vertaler van o.a. die *Institusie*, aan wie se gedagtenis hierdie band opgedra is, is ook erkenning verleen met die bekendstelling. In die proses het die CJBF as mede-uitgewer by die vertalingsprojek positiewe blootstelling in die publiek ontvang.

Die Deputate het in beginsel 'n besluit geneem om as mede-uitgewer saam met die IKRS (wat die publikasies voorberei) by die verdere publikasie van Calvyn se kommentare betrokke te wees.

Besluit: Kennis geneem van 2.2.3 tot 2.2.8.2.

Projekte wat tans in verskillende fases van hantering is en aan die volgende Deputate oorgedra moet word

Die onderstaande projekte word na die volgende Deputate vir hantering verwys. Dit is projekte wat tans nog in die proses van keuring en/of afronding met die oog op die keuringsproses is en/of op die ys geplaas is totdat die finansiële situasie van die CJBF sodanig is dat dit uitgegee sal kan word (vgl. Rapport 2.4) of aansoeke wat weens die feit dat die termyn van die huidige Deputate verstryk het, nie verder hanteer kon word nie:

Johannes Calvyn – 'n Jeugroman deur Jansie van der Walt

Die Engelse weergawe van hierdie historiese roman (*The Dawn of a New Light – Life Story of John Calvin*) is in 2007 deur die CJBF gepubliseer (vgl. Rapport, 2.3.3 – daar word die publikasiedatum verkeerdelik as 2008 aangegee).

Omdat die Afrikaanse weergawe van hierdie roman (1981 verskyn) uitverkoop is, het die Deputate geoordeel dat dit weer uitgegee behoort te word, veral met die oog op Calvynjaar 2009. Die voorbereidingsproses is ten tye van die skryf van hierdie Rapport nog aan die gang. Tegniese aspekte geniet nog aandag. Die finale besluit oor die herpublikasie hiervan

word egter aan die volgende Deputate oorgedra. Addisionele toeligting kan tydens die Sinode gegee word.

'n Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls

Afrikaanse (Simpson-) vertaling van Calvyn se Kategismus (1542/'45). Hierdie boek was oorspronklik deur die PTP (Potchefstroomse Teologiese Publikasies) gepubliseer.

Die Afrikaanse vertaling van 1542/'45 se Geneefse Kategismus is elders reeds elektronies beskikbaar gestel.

Die besluit oor die herpublikasie van die harde kopie van dié Kategismus word na die volgende Deputate verwys.

'n Calvynboek met die oog op die Calvynjaar 2009

'n Aansoek is ontvang dat die CJBF betrokke moet wees by die uitgee van die Afrikaanse vertaling van 'n Calvynboek deur die beroemde Franse Calvynnavorser, prof Olivier Millet, met die oog op die Calvynjaar 2009, waarin Calvyn se lewe en werk voorgestel word met inagname van die nuutste internasionale navorsingsresultate. Die Deputate het geoordeel om in beginsel betrokke te wees by die gesprek/projek vir die uitgee van hierdie publikasie.

'n Aansoek vir die publikasie van 'n manuskrip wat aan die einde van die termyn op die tafel van die Deputate gekom het. Reëlings vir die keuring daarvan is reeds getref, maar weens beperkte fondse is hierdie aansoek eers op die ys geplaas.

Besluit: Kennis geneem van 2.3.1 tot 2.3.5.

Aansoek wat teruggetrek is

Daar het reeds 'n aansoek vir die publikasie van 'n historiese boek oor GKSA-gemeentes voor die Deputate gedien (vgl. Rapport 2.4.2) en tydens die laaste vergadering van die Deputate (11-09-2008) is 'n besluit geneem hoe die betrokke publikasie, omdat daar tans nie genoegsaam geld beskikbaar is nie, by wyse van voorafbestellings tog hanteer sou kon word. Die Redakteurs van die publikasie het die Deputate egter intussen in kennis gestel dat hulle elders met ondersteuning reggekom het.

Bemarking

Die uitvoering van die volgende besluite deur die Deputate word aan die te benoeme Deputate oorgedra:

Die bekendstelling van alle CJBF-publikasies en -projekte in soveel as moontlik kerklike en teologiese tydskrifte binnelands sowel as buitelands (bv Nederland).

Die afdrukke van CJBF-publikasies se buiteblaaie op 'n plakkaat vir bemarking in gemeentes en elders.

Die bemarking van nuwe CJBF-publikasies in die GKSA se feeskoerant(-e).

Besluit: Kennis geneem van 2.4 tot 2.5.3.

3. EVANGELISERINGSMEDIA: *Quo vadis*

Sedert die indien van die Rapport (vgl. 4.3) is daar verdere vordering met die elektroniese ontsluiting van vroeëre *Quo Vadis*-uitgawes gemaak.

'n Aantal van hierdie uitgawes is ook reeds op die GKSA-webwerf toeganklik; die res volg stelselmatig soos wat die broeders betrokke by die webwerf tyd vir die plasing daarvan kan inruim.

'n Uitvoerige skriftelike Rapport met verwysings na die spesifieke *Quo Vadis*-nommers is ter insae beskikbaar.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.3.

4. Aanbevelings

Die Sinode wys Deputate aan met die volgende opdragte:

Voer alle opdragte ooreenkomstig die CJBF se Reglement uit.

Voer alle opdragte ooreenkomstig die Totius-reglement uit.

Voer alle opdragte ooreenkomstig die Evangeliseringsmedia se Reglement uit.

Voer alle opdragte uit ooreenkomstig die aanbevelings soos goedgekeur deur die Sinode ten opsigte van die Rapport sowel as die Aanvullende Rapport van die Deputate Publikasies: CJBF, Kerkorde en Evangeliseringsmedia.

Die Deputate kry opdrag om saam met die Bestuur van die Admin Buro 'n strategie/plan te ontwerp en te implementeer, waarvolgens fondse vir die CJBF gegenereer kan word, sodat verdere projekte wat meriete het, aangepak en afgehandel kan word (vgl. 1.2.3).

Om die elektroniese weergawe van die Psalmboek vir gebruik in kerke af te rond, af te handel en te bemark.

Die Deputate doen marknavorsing oor wat die behoefte van lesers (binne en buite kerkverband) is, (bv. lektuur vir pastorale behoeftes, Bybelstudies e.a.).

Die Sinode benoem 'n predikant uit die swart kerke om op die Deputaatskap te dien.

Besluit: Goedgekeur.

23.4 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE INTERNET (ARTT 116, 144, 272)

GGGGGGGG. Ds HF van Wyk lewer die Rapport.

HHHHHHHH. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Publikasies en Media. Finansiële sake word verwys na die Kommissie vir Finansies.

IIIIIIII. Ds JP Fleischmann rapporteer namens die Kommissie Publikasies en Media.

JJJJJJJJ. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

KKKKKKKK. **RAPPORT**

1. Opdrag

Om die huidige webblaaie (www.gksa.co.za) in stand te hou en verder uit te bou na die eis van omstandighede.

Om met alle Deputate te skakel en hulle inligting op die webblad (www.gksa.co.za) te publiseer vir gebruik deur alle kerke in die GKSA.

Om ondersoek te doen na rekenaarprogramme en inligting oor die programme aan die kerke deur te gee.

Om met alle gemeentes te skakel met eie tuisblaaie en die inligting aan alle kerke deur te gee.

Om met alle gemeentes te skakel en hulle te motiveer om in te skakel by die inskakeldiens van die GKSA (www.gksa.co.za). Motivering: dit het 'n klein finansiële voordeel vir die kerke en die Administratiewe Buro.

Ondersoek instel na die volgende sake, en indien dit wel uitvoerbaar is, te implementeer:

Katkisasiewerkboeke in geprogrammeerde elektroniese formaat aan kinders beskikbaar te stel wat katkisasievoorbereiding binne hulle leefwêreld bring en bevorderlik kan wees vir goeie voorbereiding.

Programme om die Belydenisskrifte (beter) te leer ken, te ontwikkel.

Programme om die Bybelkennis van kinders (en ook volwassenes) uit te bou, te ontwikkel.

Advies aan kerke te gee oor die sterk en swak punte van beskikbare gemeente-administrasieprogramme. Wanneer 'n gemeente oorweeg om hulle gemeente-administrasie te rekenariseer of om 'n nuwe program aan te skaf of te ontwikkel, kan sulke inligting van kundiges baie waardevol wees.

Advies te gee oor finansiële pakkette wat sinvol deur kerke gebruik kan word.

Advies te gee na konsultasie met gemeentes aan ontwikkelaars van gemeente-administrasieprogramme.

Die rol wat elektroniese kommunikasiehulpmiddels kan speel, verder te ontgin. Enige ander aspekte van IT en kommunikasie moet in diens van die koninkryk van God aangewend word.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.7.

2. Uitvoering van Opdrag

Na die beste van die Deputate se vermoëns uitgevoer.

Skakeling het met Deputate CO, CJBF en Kategese plaasgevind. Al hierdie Deputate het 'n dringende behoefte aan die daarstelling van 'n webblad. Daar is egter twee sake wat in al drie die gevalle 'n struikelblok is in die uitvoering van die opdrag:

Die Redakteur Internet het nie tyd om die webblaaie te skep nie.

Waar daar van eksterne skrywers van webblaaie gebruik gemaak word, is dit baie duur en die eenheid en eenvormigheid van die GKSA-weblad bly in die slag.

Waar daar versoeke was, is daaraan aandag gegee en die skakels in op die Internet aangebring

Hierdie opdrag is nie uitgevoer nie as gevolg van beperkte tyd van die Redakteur.

Met die verskuiwing van die webblad na 'n nuwe diensverskaffer het hierdie diens nie gerealiseer nie. Verder het die gemeentes wat wel webblaaie het, reeds 'n eie diensverskaffer.

Verdere opdragte:

Dit het nie gerealiseer nie. Kyk punt 3 (1) en (2).

Dit het nie gerealiseer nie.

Dit het nie gerealiseer nie.

Waar daar navraag was, is die nodige advies gegee.

Daar was geen navrae nie.

Waar daar navraag was, is die nodige advies gegee.

Die webmeester net in samewerking met die kerklike tydskrifte seleksies van elke *Kerkblad*, *Vroueblad* en *Slingervel* maandeliks op die Internet geplaas. Verder is die fasiliteit geskep dat die drie tydskrifte via Internet gelees kan word vir dieselfde intekenfooi wat die onderskeie tydskrifte vra. Diegene wat op hierdie wyse die tydskrifte lees, bespaar op die posgeld.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.7.

3. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

Die Deputate Internet is dit eens dat die webblad 'n eenvormige beeld moet uitstraal. Om die eenvormigheid te bereik, is dit nodig dat die webmeester en moontlike helpers verkieslik dieselfde sagtewareprogram moet gebruik. Dit het die voordeel dat eenvormige bladsye moontlik is.

By beide Sinode 2003 en Sinode 2006 is daar in sowel die Kommissies as in die vergadering hulp met die skryf van die webblad aangebied. Die Redakteur het persoonlik met elkeen wat hulp aangebied het, geskakel. Geen hulp het gerealiseer nie. Die redes is hoofsaaklik die diegene wat kan help, ander sagteware gebruik, asook dat versoeke net doodeenvoudig nie uitgevoer is nie met die verskoning dat die persone nie tyd het nie.

Die Deputate is van mening dat die Internet in die moderne tyd dié vertoonblad van enige kerk of organisasie is. Dit is die plek waar die meeste inligting inwin oor die funksionering van die kerk, haar belydenis en oor waar die onderskeie gemeentes is.

Die Deputate het op die webblad 'n funksie ingeskryf waarin alle gemeentes self hulle inligting op datum kan hou. Minder as 10% van die gemeentes maak gebruik van hierdie fasiliteit. Die Deputate het 'n vergadering met lede van die Administratiewe Buro asook lede van die Deputate Almanak gehou waarin die moontlikheid van 'n eenvormige databasis van alle gemeentebesonderhede ondersoek is. Uit die vergadering het geblyk dat die twee databasisse moeilik versoenbaar is, en dat die inligting op die Internet op datum gebring kan word teen 'n aansienlike koste. Die Bestuur van die Administratiewe Buro het nie die koste goedgekeur nie. In die Bylae

wys die besoeke aan hierdie deel van die webblad dat daar baie behoefte is dat hierdie gedeelte op datum gehou moet word.

Die Internet behoort die mees onlangse inligting oor alle gemeentes en predikante te bevat. Tans het slegs die Administratiewe Buro die mees resente inligting, maar die inligting is nie toeganklik vir buitekerklikes nie – omdat hulle nie die moeite doen om die Administratiewe Buro te skakel nie. Verder is die Administratiewe Buro nie 24 uur per dag beskikbaar nie. Vir die kerk self is die Inligting is in *Almanak* gewoonlik ten minste ses maande oud sodra dit verskyn, en 18 maande oud by die verskyning van die volgende *Almanak*.

Die Poslys en die Forum is deur die webmeester op sy verantwoordelikheid bedryf.

Beroepenuus word op die Internet in 'n formaat geplaas dat selfoongebruikers oor daar die beroepenuus kan lees.

Fees 150 asook ander gebeure soos die GTV en konferensies is ook gefasiliteer op die webblad.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.8.

4. Aanbevelings

Die Sinode besin en besluit oor die wenslikheid van die voortgang van die webblad.

Die Sinode begroot en befonds 'n voltydse webmeester. Die omvang van die werk is so groot dat dit nie meer op 'n deeltydse basis gedoen kan word nie. Hierdie webmeester moet verkieslik in Potchefstroom gesetel wees, waar hy/sy toeganklik is vir alle Deputaatgroepe. Deputategroepe kan dan hulle werk wat op die Internet geplaas moet word, deur die webmeester doen. So word die eenheid van die blad en die eenvormige beeld van die webblad behou.

Die webmeester werk saam met 'n Redaksiekommissie wat sowel tegniese as inhoudelike advies gee.

Die webmeester behoort op hoogte te wees van die funksionering en belydenis van die GKSA sodat die webblad dit kan weerspieël.

Besluit: Goedgekeur. Daar moet begroot word vir 'n webmeester om uitvoering te gee aan die opdragte. [Kyk ook by 17.2, artt 1.2.13, 1.2.16 en 1.2.23.]

Die Sinode gee opdrag aan die Bestuur van die Administratiewe Buro om in hulle ondersoek rondom die aanstelling van 'n voltydse webmeester, lidmate en enige ander lidmate wat soortgelyke dienste aanbied, te nader.

Besluit: Goedgekeur met groot dank.

5. Slot

Hierdie Deputate besef dat alle opdragte van die Sinodes nie uitgevoer kon word nie. Die Deputate het hulle opdrag met die grootste oorgawe en ywer uitgevoer binne die beperkte tyd en bronne tot hulle beskikking.

Besluit: Kennis geneem.

23.5 RAPPORT DEPUTATE RADIO- EN TV-UITSENDINGS (Artt 117, 145)

20

21

LLLLLLLL. Ds HJP de Beer lewer die Rapport.

MMMMMMMM. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Publikasies en Media.

NNNNNNNN. Ds JP Fleischmann rapporteer namens Kommissie Publikasies en Media.

OOOOOOOO. **RAPPORT**

1. Opdrag

Om in samewerking met Radio Pretoria, asook SABC en CNW en ander gelisensieerde uitsaaiers met wie amptelike samewerkingsooreenkomste bestaan, die uitsending van Gereformeerde eredienste, kerknuus en deelname aan godsdiensprogramme oor Radio en TV te reël. (Acta 2003: 690)

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

2.1 *Uitvoering van opdrag*

Die uitsaai van eredienste, kerknuus en deelname aan godsdiensprogramme het in die tydperk sedert die vorige Sinode gereeld op die senders van Radio Pretoria, RADIOKANSEL (CNW) en RSG (SAUK) plaasgevind. Die uitsendings op RSG word nie meer deur RADIOKANSEL behartig nie, maar deur 'n onafhanklike mediahuis genaamd Tripel M Produksies met dr Flip Loots aan die stuur.

2.2 *Uitsaaigeleenthede*

2.2.1 RSG

Met die navraag oor die jaarlikse toekenning van preekbeurte en godsdiensoefeninge aan die GKSA op RSG, het Tripel M Produksies as gemagtigde om godsdiensuitsendings op RSG te behartig, die volgende inligting verskaf:

2.2.1.1 Daar is nie meer 'n formele persentasie van toekenning van preekbeurte aan verskillende kerkgenootskappe nie.

2.2.1.2 Daar word nou eerder gekyk na persone wat redelik radio-matig is en 'n goeie, aktuele boodskap uit die Woord vir die luisteraars kan bied.

2.2.1.3 Die verskillende kultuurgroepe in die land moet ook in die godsdiensuitsendings op RSG geakkommodeer word.

2.2.1.4 Vroue-leraars moet ook optree.

2.2.1.5 Daar word nie net meer van "geordende leraars" gebruik gemaak in die weeklikse kort reekse en die ateljeedienste nie.

2.2.1.6 Die grootte van alle die kerke word ook in ag geneem.

Eers nadat al bogenoemde kriteria in ag geneem is, word gekyk na die verdeling van geleenthede tussen die kerke. Die GKSA kry volgens Tripel M Produksies wel 'n billike toekenning van die beskikbare beurte.

Beroepenuus word nie meer op Sondae oor RSG in die program *Kollig op die Kerk* uitgesaai nie. Die nodige amptelike navraag en behoefteverduideliking vanaf die GKSA in die verband is deur die Deputate gedoen, maar daar is deur RSG volstaan met die oorspronklike besluit om nie beroepenuus uit te saai nie vanweë die beperkte nuuswaardigheid daarvan.

2.2.2 Radio Pretoria

Tans word deur die godsdienskomitee van Radio Pretoria aan die GKSA op gelyke basis met die NGK, NHK en APK geleenthede toegeken vir godsdiensuitsendings op die spesifieke stasie. Dit beteken dat ongeveer 12 of selfs 13 weke per jaar deur Radio Pretoria aan die GKSA toegeken word. 'n Week se uitsending behels 'n oggenderediens op die Sondag en daaglikse dagopenings, dagsluitings, huisgodsdienste en oggendoordenkings op die weeksdae.

Aanderedienste is ateljeedienste wat maandeliks om die beurt aan die verskillende kerke toegeken word. Dit beteken dat die GKSA 4 of 5 Sondae agtereenvolgens die geleentheid ontvang (elke 4de maand) om die aanderedienste waar te neem.

Die normale toekenning van uitsaaigeleenthede kan ongelukkig vanweë die reiskoste aan die opnames verbonde, slegs binne 'n radius van 150 km vanaf Radio Pretoria geskied. Kerke buite die radius wat graag 'n uitsaaigeleentheid wil bekom en so 'n versoek aan die Deputate rig, moet bereid wees, sou Radio Pretoria daartoe instem, om die reiskoste wat die 150 km radius oorskry, self teen 'n vasgestelde tarief aan Radio Pretoria te vergoed.

Kerknuus word, soos dit vanaf die Administratiewe Buro ontvang is, Sondagoggende op die sender uitgesaai.

Di HJP de Beer en P Van Wyk het as verteenwoordigers van die GKSA t.o.v. Radio en TV uitsendings, die onderskeie vergaderings sedert begin 2006 van Radio Pretoria se godsdienskomitee bygewoon en daar die nodige insette gelewer.

2.2.3 SABC TV

Ten opsigte van TV het die Deputate geen versoek ontvang om vanuit die Gereformeerde Kerke ’n uitsaaigeleentheid waar te neem nie.

2.3 *Radiokansel*

Ds HJP de Beer het aan die Uitsaai-owerheid ’n brief gerig ter ondersteuning van die toekenning van ’n lisensie wat die uitsaaigebied van RADIOKANSEL aansienlik sal vergroot.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Dat weer Deputate aangewys word met die opdrag:

3.1 Om weer Deputate aangewys word met die opdrag om in samewerking met Radio Pretoria, asook SAUK (Tripel M Produksies) en RADIOKANSEL en ander gelisensieerde uitsaaiers met wie amptelike samewerkingsooreenkomste bestaan, die uitsending van eredienste, kerknuus en deelname aan godsdiensprogramme vanuit die GKSA oor Radio en TV te reël. Om by ds E Kayayan te verneem of die Deputate die Franse Radiobediening van hulp kan wees.

3.2 Ds HJP de Beer word weer as verteenwoordiger van die GKSA op ’n subkomitee van die Raad van RADIOKANSEL, genaamd die Teologiese Advieskomitee (TAK), as deel van ’n paneel bestaande uit 12 denominasies en organisasies, aangewys.

3.3 Die name van medewerkers uit Gereformeerde kerkverband t.o.v. uitsaaigeleenthede deur die Deputate aan die betrokke instansies deurgegee en gekoördineer word.

3.4 Dat persone uit die kerkverband wat graag wil meewerk t.o.v. uitsaaigeleenthede hulle name aan die Deputate sal deurgee, wat dan indien moontlik die nodige reëlings met die betrokke instansies sal tref.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

3.5 Die Sinode versoek Klassisse om met plaaslike radiostasies te skakel ten einde geleenthede vir Woordverkondiging (eredienste en oordenkings) te organiseer.

3.6 Die besonderhede van sodanige skakeling moet aan die Deputate Radio- en TV-uitsendings gekommunikeer word vir koördinasie.

Besluit: Goedgekeur.

23.6 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE HANDELINGE (Art 118)

PPPPPPPP. Dr CJ Smit lewer die Rapport.
QQQQQQQQ. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

RRRRRRRR. **RAPPORT**

1. Opdrag

Kyk Acta 2006:780-781.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Die Handelinge van die Sinode in 2006 is uitgegee volgens die handleiding wat deur die Sinode van 1985 vasgestel is (Acta 1985:51-53).

2.2 Volgens vorige Sinodebesluite is die volgende sake gehanteer:

2.2.1 Handelinge 2006 is van ’n alfabetiese indeks voorsien, asook ’n register van artikels voor in die Handelinge, soos dit in volgorde op die Sinode gedien het (Acta 1994:630, 631).

2.2.2 Die tersaaklike Notule-artikels is by elke saak aangedui (Acta 1994:630).

2.2.3 Slegs 500 eksemplare (eksemplare aan Kerkrade, pligeksemplare en bestellings) van die Handelinge is gedruk. 95 Eksemplare van die Handelinge 2006 is nog beskikbaar.

2.2.4 70 bestellings vir die Handelinge op laserskyf is uitgestuur. Op hierdie laserskyf is die Handelinge van 1997 tot 2003 ook gekopieer.

2.3 *Praktiese uitvoering van Errata Handelinge 2003*

Die Deputate vir die Uitgee van die Handelinge (2006 sowel as 2003) het opdrag gekry om ’n volledige revisie van Handelinge 2003 vanaf die handgeskrewe notule te doen en ’n volledige errata beskikbaar te stel.

2.3.1 Die Errata Handelinge 2003 is aan elke Kerkraad in ’n boekievorm beskikbaar gestel aangesien die plakkervorm onnodige finansiële koste teweeg sou bring.

2.3.2 Die Errata Handelinge 2003 is ook op die GKSA webblad verkrygbaar.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.2.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir die uitgee van die Handelinge volgens die riglyne van Sinode 1985 (Acta 1985:51-53). Die Skriba en adjunk-skriba van Sinode 2009 moet ook as Deputate benoem word.

3.2 *Die Sinode begroot vir die volgende uitgawes*

3.2.1 Koste verbonde aan die publikasie van die Handelinge.

3.2.1.1 Word verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro saam met die Deputate vir Uitgee van die Handelinge. Daar word weer slegs die nodige aantal eksemplare gedruk.

3.2.1.2 Die Handelinge word weer op laserskyf beskikbaar gestel. Alle Handelinge wat elektronies beskikbaar is sal ook op die laserskyf beskikbaar gestel word.

3.2.2 Fondse vir taalkundige versorging.

3.2.3 Reiskoste vir Deputate.

3.2.4 Dat die Kerkorde-boekie, waar nodig, dadelik bygewerk word en dan saam met die Handelinge op die laserskyf beskikbaar gestel word.

Besluit: Goedgekeur.

23.7 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL OOR DIE WEGLATING VAN DIE NAME VAN OUDERLINGE EN DIAKENS IN DIE ALMANAK (Artt 88, 278)

SSSSSSSS. Ds JH Cilliers stel die Beskrywingspunt.

TTTTTTTT. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Publikasies en Media.

UUUUUUUU. Ds JP Fleischmann rapporteer namens die Kommissie Publikasies en Media.

VVVVVVVV. **BESKRYWINGSPUNT**

1. Beskrywingspunt

Die Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal versoek dat die name van die ouderlinge en diakens opgeneem word in die Almanak van die GKSA.

2. Agtergrond

Die Deputate vir die uitgee van die Almanak het met die uitstuur van die statistiekvorms vir 2007 aangedui dat hulle oorweging daaraan skenk om nie meer die name van die ouderlinge en die diakens in die Almanak te publiseer nie, maar om dit ordelik te berg en beskikbaar te stel aan enige belangstellendes. Hulle motivering was dat dit meer ruimte beskikbaar sal stel vir die dagstukkies in die Almanak. Saam met die genoemde statistiekvorms is toe die vraag aan elke gemeente gestel hoe hulle oor die gedagte van die Deputate voel.

Sonder enige terugvoer aan die gemeentes oor die rigting wat ingeslaan gaan word na aanleiding van die Deputate se “oorweging”, en ten spyte van aanduidings uit gemeentes dat die name verkieslik behou moet word, is Almanak 2007 beskikbaar gestel sonder hierdie name. Dit is toe onder aandag van die Deputate gebring dat hulle optrede in stryd is met die Sinodebesluit van 2006: “Ouderlinge en diakens se name word behou.” (Acta 2006:754, 3.1.2, tweede sin), en daar was selfs ’n onderneming van die kant van die Deputate om die Sinodebesluit in ag te neem. Ten spyte daarvan het Almanak 2008 weer sonder hierdie name verskyn. Met die uitstuur van die statistiekvorms vir 2009 was daar nie eens meer plek op die vorm om hierdie name in te vul “om dit ordelik te berg en beskikbaar te stel aan belangstellendes” nie, en dus sal 2009 se Almanak sekerlik weer sonder hierdie name verskyn.

Hierdie optrede van die Deputate bring ernstige vrae na vore: het die Deputate hulle eie motivering in diepte beredeneer, in die lig van die Gereformeerde leer, diens en tug?; is daar êrens aan Deputate van ’n Gereformeerde Sinode volmag gegee om van hulle mandaat af te wyk?; bestaan daar wel ’n stelsel waarvolgens die name van ouderlinge en diakens van gemeentes deur belangstellendes bekom kan word, en hoe toeganklik is dit indien dit bestaan?; wat is die wesenlike aard van die Almanak, is dit ’n Bybelse Dagboek, of is dit ’n inligtings- en verwysingsbron ten opsigte van die gemeentes binne die GKSA?; trek hierdie koers wat die Deputate ingeslaan het nie (onbewus) ’n streep deur twee van die belangrike dienste wat Jesus Christus vir sy kerk gegee het nie?; skaad hierdie koers nie die historiese band van God se handele in die geskiedenis van elke Gereformeerde gemeente nie?

Klassis Oos-Vrystaat het met hierdie saak hom tot die Streeksinode gewend, nie om dit wat by hom swaar weeg, af te skuif na ’n meerdere vergadering nie, maar in die oortuiging dat hierdie saak in breëre kerkverband bespreek en bedink en oor besluit moet word, vanweë die ingrypende gevolg wat hierdie hele saak vir al ons gemeentes in die algemeen, en vir belangstellendes in die besonder het. Die koers wat die Deputate ingeslaan het is onses insiens so ingrypend dat ons gemeentes dit nie bloot by nabaat in die lig van die gegewene, stilswyend kan aanvaar, sonder om eers saam daaroor te praat en besin nie.

3. Motivering

Sinode 2006 het goedgekeur: "Ouderlinge en diakens se name word behou" (Acta 2006:754, 3.1.2, tweede sin).

Oor die jare heen was die name van ouderlinge en diakens in die Almanak vir predikante én ander lidmate 'n betroubare bron van inligting oor belangrike sake, soos bv. hoe ons HERE as die getroue Verbondsgod met geslagte in hulle families gewerk het deur hulle te roep en bekwaam te maak vir dienswerk in betrokke gemeentes, soos bv. om by geskiedkundige geleenthede van gemeentes vas te stel wie was betrokke tydens sekere tydperke, en soos bv. om met vreugde vas te stel dat gawes en talente wat God in 'n bepaalde gemeente geskenk het, ook weer tot nut en saligheid van ander gemeentes aangewend word. 'n Handige, maklik bekombare bron van inligting oor die gemeentes van die GKSA en van vreugde in die Here is nou besig om verlore te gaan.

Die besparing van ruimte in die Almanak kan op ander wyses gedoen word (bv. die lettertipe van die Dagstukkies is tans besonder groot en kan kleiner gemaak word; die beperking op die lengte van Dagstukkies kan strenger toegepas word; en nog kleiner lettertipes vir sekere "algemene" inligting kan gebruik word – vgl. Acta 2006:752, 2.1.3) in plaas van om die name van ampsdraers weg te laat.

WWWWWWWW. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Aanbeveling van die Kommissie

1.1 Aan hierdie Beskrywingspunt op die volgende wyse gevolg gegee word:

1.1.1 Die status quo word gehandhaaf, nl. om nie die name van ouderlinge en diakens in die Almanak te publiseer nie.

Motivering

a. die plasing van die name van ouderlinge en diakens neem baie plek in beslag.
b. dit kan die drukkoste verhoog, veral as 'n lettergrootte gebruik word wat makliker leesbaar is vir ouer lesers.

1.1.2 Die Deputate vir die Uitgee van die Almanak ondersoek die moontlikheid om die Almanak in twee dele uit te gee, maar as 'n eenheid te verkoop. Deel 1 kan bv. al die statistiese inligting wat tans in die *Almanak* gepubliseer word, asook die name van ouderlinge en diakens bevat. Deel 2 kan die dagstukkies bevat. Die tweede deel (dagstukkiedeel) kan in so 'n formaat gebind word dat dit ook deur ander verspreiders en boekwinkels bemark kan word.

Besluit: Die aanbeveling word nie aanvaar nie. Die besluit van Sinode 2006:754 (3.1.2) word gehandhaaf dat name van ouderlinge en diakens in die *Almanak* behou word.